


Matieland

1:80



1880 - 1980





In Pietermaritzburg, het John Herridge en sy vriende ontdek mens kan goeie wyn sonder seremonie geniet

KELLERPRINZ -HUISWYNE

Die wyn waarmee Suid-Afrikaners tuis voel

Kellerprinz-huiswyne het ontspring uit 'n eenvoudige ideaal wat lank reeds nagestreef word in lande soos Frankryk, Duitsland en Portugal: "Elke huis verdien die alledaagse vreugde van 'n goeie wyn."

In hierdie tradisie bied Kellerprinz u sewe waarde-vir-geld Huiswyne van puik gehalte. Probeer hulle: Dis die wyne waarmee u tuis sal voel.

Tassenberg	droë, ligronde rooiwyn
Amorosa	halfsoet rooiwyn
Rosanne	delikate, halfsoet rosé
Stein Perlé	ligte, wit perlé
Stein	halfsoet witwyn
Roma White	droë witwyn
Late Harvest	sagronde, soet witwyn





JAARGANG 24
MAART 1980

Matieland

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS
VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
DEUR DIE DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELING
ONDER REDAKSIE VAN DOUGLAS DAVIS

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel en Fokus	3
Rektor open akademiese jaar	4
Matierugby 100 jaar	8
Dok aan die woord	8
'Bokkaptains uit Matieland	10
Maties se superster	11
Matierugby se hoekstene	12
Maties don't know defeat	13
Toe . . . en nou	14
Rugbyfeesprogram en aandenkings	15
Hoogste eer aan Pauw, Craven en Boëseken	16
Die groot beloning	18
Terug op die kampus	20
Nog Oud-Maties weer byeen	22
U.S. ondersoek rubberbossie	24
Konvokasie '79	27
Bekendes tree af	28
Aanstellings en bevorderings	30
In Memoriam	32
Van ons donateurs	33
Herfsskool ophande	34
Harmonie en L.O. se feeste	34
U.S.-koor se toerprogram	34
Kanoklub-reünie	34
Dankie, donateurs	35



*Twee van die
109 . . . — bl. 8*



*Die hoeksteen
van
Matierugby —
bl. 12*



*Rubberbossie
kan baie vir
S.A. beteken —
bl. 24*



*Koor gaan
weer toer — bl.
34*


VOORBLAD:

*Matierugby is
vanjaar 100
jaar oud. Die
ontwerp, deur
ons
kunstenaar
Braam Botha,
toon die
Coetzenburg-
klubhuis, die
Danie Craven-
stadion en die
wapens van
die Rugbyklub
Stellenbosch
en die
Victoria-
Kollege. (Lees
op bl. 8 en
verder)*

Vir die man
wat kwaliteit bo
alles stel

Oude Meester

V·S·O·B
DIE WÊRELD SE
BESTE BRANDEWYN



Die eerste rugbywedstryd wat op Stellenbosch gespeel is — dié tussen SACS en die Victoria-Kollege op Adderley Square (die Braak) — was 'n nie-amptelike. Die Braak het nog vyf jaar as hoofveld gedien totdat die spel in 1886 na die Vlakeveld (digby die nuwe ingenieurskompleks) verskuif het waar ook, in 1891, 'n Stellenbosse span net teen Maclagan se Britse span verloor het. 'n Dekade later word die terrein waar die Jan Marais-plein vandag is (agter die Biblioteek) in gebruik geneem en toe daar in 1908 'n pawiljoen opgerig word, ontvang die terrein ook die naam Pawiljoenveld.

Op 13 Junie 1931 word die Coetzenburgveld amptelik ingewy en Danie Craven word die eerste Matie-speler om 'n „amptelike” drie aan te teken. Sewe-en-veertig jaar later, op 10 Oktober 1978, is daar agt veterane van hierdie wedstryd teenwoordig toe daar van die Coetzenburgveld afskeid geneem word en op 31 Maart 1979 word die Danie Craven-stadion luisterryk ingewy. Die tradisie van Matie-rugby is saam met die gras op hierdie vyf speelvelde gekweek en gekoester.

Om die akademiese vóórop te stel, is 'n eerste prioriteit; om daaraan die eerste plek toe te ken, is vir almal van ons letterlik lewensbelangrik, maar om aan ons rugbyspel deel te hê as speler, toeskouer of administrateur, is om deel te hê aan en 'n bydrae te lewer tot 'n gemoedelike, ontspanne lewenswyse wat nie van Matieskap los te maak is nie.


Terselfdertyd mag ons in hierdie feesjaar met beskeie trots daaraan herinner word dat Stellenbosch met die 109 Springbokke wat hier gekweek is 22 persent tot ons totale Suid-Afrikaanse oes bygedra het.

Uiteraard vestig dit die aandag op die veel talryker bydrae tot provinsiale rugby en op die opeenvolgende vyftientalle wat dekades lank vir die Matie-eerstespanne in die maroentruï uitgedraf het. Hierby moet nog gereken word die talle rugby-administrateurs, skeidsregters en afrigters wat hul deur die jare landwyd verdienstelik gemaak het. Aldus is 'n geestesgesonde lewenswyse tot in die verste hoeke van ons vaderland uitgedra terwyl duisende tans elke seisoen oorkant die Eersterivier die spel vir prestasie of pret beoefen of aanmoedig.

In hierdie feesjaar gedenk ons die GROTES: J. H. Neethling, A. F. Markötter, Paul Roos, Bob Loubser, Ebbie Stegmann, Alex van der Horst, J. S. Marais . . . In Dok Craven, vaderfiguur in Matie-sport wat vanjaar reeds 51 jaar met Matieland verbind is, sien ons jongmense ook die skakelfiguur met 'n groot verlede, 'n konstante figuur temidde van opeenvolgende studente- en dosente-geslagte en 'n vertrouensfiguur op die pad vorentoe.

Terwyl Matieland die Stellenbosse Rugbyklub namens duisende Oud-Maties gelukwens by die bereiking van 'n mylpaal, wil hy vertrou dat Maties, terwyl hulle die verpersoonliking van homo faber — die werkende mens — sal bly, daar darem altyd ook ruimte vir homo ludens — die spelende mens — aan die voet van die Pieke gegun sal wees.

— Prof. Bun Booyens, eertydse redakteur van Matieland.



En hier is hy — Suid-Afrika se nuwe landboubaas, mnr. Jaap Wilkens, 'n Oud-Matie in merg en been. Hy is in Oktober verlede jaar verkies tot president van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie.

Jacob, ofte wel Jaap Wilkens, het die eerste lewenslig op 24 Junie 1924 aanskou. Hy het sy skoolopleiding aan die Ventersdorpse Hoërskool geniet en daarna besluit om Matie te word.

In Desember 1945 verwerf hy die graad B.Comm. aan die U.S. en keer na sy tuisdorp terug waar hy vanaf 1946 in die distrik begin boer. Aanvanklik lê hy hom toe op mielies, grondbone en aartappels. Sy eerste trekker het hy eers in 1950 aangekoop. Sewe jaar later maak hy 'n begin met vleisbeeste en in 1962 koop hy sy eerste stoetvee, nl. Sussex-beeste waarmee hy steeds boer.


Ondertussen het hy ook in September 1954 tot die georganiseerde landbou toegetree en dien vir vier jaar as sekretaris van die Ventersdorpse Distrikslandbou-unie. Hy dien as voorsitter van dié unie van 1959 tot 1973. In 1971 is hy verkies tot vise-president van die Transvaalse landbou-unie. Drie jaar later word hy president. Kort voordat hy tot laasvermelde amp verkies is, het hy in Oktober 1973 vise-president van die S.A. Landbou-unie geword. Presies ses jaar later word hy die S.A.L.U. se president.

Benewens sy uitgebreide belange in die landboubedryf is hierdie Oud-Matie ook aktief gemoeid met die bewaring van ons natuurlewe. Hy is o.m. lid van die adviesraad insake natuurbewaring in Transvaal en het reeds veel gedoen om van die Sabi Sandnatuureservaat te maak wat dit vandag is. Hy is ook voorsitter van die Boskop-opleidingsentrum vir swart plaaswerkers en dien in verskeie nasionale komitees.

Mnr. Wilkens speel graag tennis en is op ouderdom 55 nog heel behendig met 'n raket.

Hy is getroud met mej. Sybil Kriel en die egpaar het twee seuns en vier dogters.

REKTOR OPEN AKADEMIESE JAAR



MET die opname van u seun of dogter as student, word daar 'n baie belangrike, maar ook unieke vennootskap gesluit – 'n drievoudige vennootskap wat bestaan uit u, u kinders as studente, en die Universiteit as opvoedkundige inrigting.

'n Baie belangrike hoeksteen vir die suksesvolle werking van so 'n vennootskap is wedersydse vertroue. Ons is dankbaar vir die vertroue wat u as ouers getoon het deur u seun of dogter aan ons toe te vertrou. Ten spyte van gebeure in studentegemeenskappe, veral in die buiteland gedurende die jare sestig en sewentig, asook weens die ontstaan van hippie-subkulture, toenemende toegewings aan permissiwiteit en ten spyte van die skynbare onwilligheid van jongmense om gesag en dissipline te aanvaar, het die Universiteit se vertroue in sy studente gedurende hierdie tydperk eerder toe- as afgeneem.

Een van die bydraende faktore vir hierdie mosie van vertroue in ons studente is dat ons nog altyd vertroue kon hê in die huislike agtergrond waaruit hulle kom en die opvoeding waaraan hul deel gehad het. Deur die jare heen het ons nog altyd die verankering in die Christelike geloof en die Christelike lewenswyse by ons studente bespeur. Ons is u as ouers dankbaar vir daardie fundamente wat so stewig gelê is.

Ons is bewus van en het begrip vir die verwagtinge wat u as ouers van ons as Universiteit koester – verwagtinge wat saam hang met u begeerte dat u seuns en u dogters hulle hier moet bekwaam vir 'n staanplek in ons volkshuishouding en deeglik vir 'n beroep in hulle latere lewens voorberei moet word. Ek kan u die versekering gee dat dit dié Universiteit se siening is dat sy primêre funksie, 'n akademiese funksie is en dat 'n hoë premie geplaas word op uitstaande vakmanskap en voortreflike akademiese standaarde. Sodoende probeer ons jongmense voorberei, nie net vir 'n taak wat hulle binne die volgende vier of vyf jaar sal moet afhandel nie, maar vir die toenemende eise van die toekoms weens die

veranderde insigte en kennis wat oor die komende dekades na vore mag kom.

Saam met hierdie simpatie ten opsigte van u verwagtinge het ons as Universiteit egter ook verwagtinge van u as ouers. Ons vra van u om ons hand te sterk in die uitvoer van ons opvoedingstaak, in die uitleef van basiese lewenswaardes – Christelik en moreel – en om ons hand te sterk in die proses van toesighouding, die handhawing van morele en akademiese standaarde en die toepassing van die nodige reëls en regulasies. Aan elke universiteit kom 'n student met nuwe idees in aanraking en word sy denke geprikkel – hy word trouens tot onafhanklike meningsvorming aangemoedig.


Daarmee gaan dikwels geestelike onsekerheid gepaard en soek hy leiding omdat werklike diepte van perspektief nog met die jare eers sal kom.

U moet gereed wees om te verwag dat daar intellektuele ontwikkeling sal wees wat tot skerper, kritiese beskouings sal lei. U moet verwag dat u seuns en dogters met vraagtekens in hulle gemoed by u sal opdaag en dat baie sake, ook mense en hulle optredes, nie sonder meer op gesigswaarde aanvaar sal word nie. U moet ook verwag dat u 'n eie wêreld- en lewensbeskouing by u kind sal opmerk – 'n beskouing wat dikwels nie gaande raak oor wat in die verlede gebeur het en verwerf is nie, maar wat probeer vasstel wat môre gaan gebeur, omdat 'n jongmens meer begaan is oor sy toekoms as oor sy eie kort verlede.

MENINGSVORMING

MY eie ervaring met studente het my geleer dat hulle graag goeie redes vir bepaalde optredes soek; dat hulle mense oordeel nie volgens wie hulle is nie, maar volgens die doeltreffendheid waarmee hulle werk verrig; dat hulle met kritiese oë kyk of dit wat in die openbaar vanaf platforms gepredik word, ook in die praktyk uitgeleef of gedoen word. Maar dit het my ook geleer dat

Die Rektor, prof. Mike de Vries, het op 4 Februarie vanjaar die amptelike opening van die akademiese jaar in die D.F. Malan-gedenksentrum op Coetzenburg waargeneem. By dieselfde geleentheid het hy ook die U.S. se bykans 2 500 eerstejaars welkom geheet. Benewens die eerstejaarstudente was daar na raming ook sowat 1 300 ouers en vriende teenwoordig. Prof. De Vries is aan die woord:



juis vanweë hierdie kritiese ingesteldheid hulle dikwels ook eerder met hulself is as baie volwassenes wat agter maskers wegkruip, of die spreekwoordelike volstruisgewoonte toepas.

Daarom wil ek by u as ouers pleit om nie hierdie verandering wat u sal merk, summier te probeer demp nie, nie net slegs passief daarteenoor te staan nie, dog om self aktief aan hulle gesprekke deel te neem. Lank nie alles wat ons jongmense kwytraak, is werklik hulle diepe oortuiging nie – dikwels soek hulle geleentheid om hulle idees te toets en as u in plaas van ontsteltenis te toon, die idee en argument met koele, logiese argumente beantwoord, dan bespoedig u die proses van hul eie meningsvorming geweldig. Wanneer u kind oor afwykende sake met u kom praat, moet u weet: my kind kom raad en hulp soek omdat hy of sy my vertrou! Moenie dat hy of sy dalk na ander mense sy toevlug neem nie.

Ons Universiteit se taak is nie net om kennis en vaardighede oor te dra nie, maar dit het ook 'n opvoedingstaak. Ons neem nou by u oor, maar begryplikers wys het ons u ondersteuning nodig om hierdie taak deur te voer. U moet help om die emosionele stabiliteit te verskaf, want hulle kom met baie nuwe dinge in aanraking.

U as studente wat so 'n belangrike vennoot in hierdie onderneming is, het seer sekerlik ook u ideale in verwagtinge – daarom is u mos hier! Dit is 'n grootse en dikwels selfs 'n skokkende ervaring om met universiteitstudie te begin en ons, soos ook u, wil graag hê dat u eie studentetyd 'n tydvak in u lewe moet wees waarna u later met graagte sal terugdink en waarvan u die geluk en die suksesse met warmte en dankbaarheid sal onthou.

Ek aanvaar dat daar by die meeste van u as nuwelinge nog iewers 'n mate van twyfel bestaan, of selfs 'n benoude vraag: „Hoort ek hier – aan 'n universiteit? En dan nog op Stellenbosch? Het ek die regte kursus gekies? Het ek genoeg Karnavalkaartjies (motorkompetisie) verkoop? Sal ek ooit 'n kans gegun word in een van die beroemde Matie-sportspanne?” Meer onmiddellik selfs: „Gaan ek gedoop word? En waar is my klaskamers in hierdie warboel van geboue?” Ek sou kon voortgaan met vrae, want ek het self so gevoel!

Laat ek u gerusstel – elkeen van ons seniors wat hier sit, was net so onseker toe ons as jong eerstejaars hier na Stellenbosch gekom het. Ons, u voorgangers, ja selfs ook die eerstejaars van 1979, het dit alles oorleef – en in die meeste gevalle met groot sukses.

In 1979 was hier 2 369 nuwelinge uit 'n totaal van 11 604 ingeskrewe studente – wat terloops 'n toename van 399 of wel 3,6% groei vergeleke met 1978, beteken het. Van hulle was 2 929 nagraadse graadstudente (25,2% van die totaal), d.w.s. die werklike senior studente.

Skrik u? Is die getalle só groot? Waar kry ek as individu my staanplek? Weer wil ek u gerusstel. Hierdie Universiteit het oor die jare heen reeds daarvoor voorsiening probeer maak dat die individu nie in die massa verdwyn en daarin vereensaam nie. Ons koshuisorganisasie behels 24 koshuise en ses privaatwykorganisasies. Waar daar in 1979 in koshuise 4 900 studente gehuisves was, is deeglik probeer verseker dat 'n student juis in die kleiner groep opgeneem sal word en nie in die massa sal vereensaam nie. Net om u 'n indruk te gee van die omvang van die Universiteit: in 1979 is varsvoedselprodukte ten bedrae van R1 228 000 vir ons koshuise aangeskaf en het die Langenhoven-studentesentrum 160 000 hoofetes bedien, terwyl 904 000 deurgange van studente by die kasregisters aangeteken is.

U word dus deel van een van die grootste universiteite in ons land – Stellenbosch! Bloot die naam Stellenbosch is 'n gelaaide begrip. En tog, hoewel die getalle reeds groot is, word u deur u koshuis of wyk deel van 'n kleiner, maar intiemer eenheid. Daardie kleiner groep sal u nie „doop” nie – so-iets bestaan nie, maar sal u probeer oriënteer ten opsigte van die ryke spektrum van die studentelewe aan hierdie Universiteit.

Nou moet u ook nie glo dat om studente te wees juis deelname aan alle sosiale gebeure vereis nie! Èrens langs die pad sal u waarskynlik 'n medestudent vind wat so 'n gedagte voorstaan! 'n Gedagte dat 'n Universiteit eintlik maar 'n sosiale instelling is; 'n gedagte dat Stellenbosch, met die nabye Kaapstad, hom juis hiertoe lees; selfs 'n gedagte dat om die „taverne” en die wynroetes te besoek, die ware Stellenbosch „gees” weergee! Mag ek u dadelik gerusstel – ook u as ouers – dit is nie die Stellenbosch wat deur die Universiteit gevorm word nie. Soos in enige gemeenskap sal u hier ook mense kry wie se ordes van belangrikheid verkeerd om ingespan is.

Die Universiteit skryf nie vir u voor hoe u tydsindeling moet wees nie en stel nie u prioriteitslys op nie, maar die Universiteit oordeel aan die einde van die semester of jaar, en so 'n oordeel kan dalk hard en bitter finaal wees.

POTENSIAAL

ONS Universiteit, met sy hulpdienste en senior studente wat reeds ook die verantwoordelikheid van studentwees begryp, is daar om u te help. Sou u probleme ondervind met wat ook al, is daar mense wat kan help. Ons vertrou dus dat deur uitstekende vakmanskap op akademiese gebied en op die gebied van ons hulpdienste, ons daarin sal slaag dat u potensiaal hier op Stellenbosch beter as op enige ander plek, tot volle ontwikkeling sal groei.

U word derhalwe deel van 'n Universiteit wat groot in getalle is, groot in omvang, maar veral „groot” is in die gehalte van werk wat hier gedoen word. Die moontlikhede is daar om u potensiaal ten beste te ontwikkel, maar dit hang van u self af of dit sal slaag. Hier sal u ook vind: geen starheid van denke, geen starheid in kursusse en aanbiedingswyses en geen starheid in navorsing nie, maar eerder gedurige vernuwing, aanpassing en blootlegging van die wetenskap. Daarvan getuig nuwe rigtings wat in 1979 ingestel is, soos bv. die baccalaureusgraad in voeding in die Fakulteit van Geneeskunde – die eerste en enigste in die R.S.A. Voorts ook nog 'n nagraadse diploma in vertaalkunde; 'n honneursgraad in tandheelkunde; M.Sc. en D.Sc. in ordonologie (tandheelkunde), asook Hons.-B.Sc. en Ph.D. in tandheelkundige wetenskappe; 'n diploma in boerderybestuur en 'n diploma in verpleegadministrasie, en nuwe navorsingsinstitute wat gestig is soos bv. die Instituut vir die Studie van die Marxisme en die Instituut vir Toegepaste Rekenaarwetenskap.

Die Universiteit het natuurlik ook sy verwagtinge van u as studente. Ek sou lank kon uitbrei oor doelgerigtheid, toegewydheid, selfdisipline, eerlike harde werk, hoë waardes en norme, ja selfs ook oor die waardering van en respek vir die eiendom van ons Universiteit en die mooi skatte van ons drie-eeue oue dorp.

Suidelike Afrika sal veral in die dekade wat voorlê, maar ook in dekades daarna, indien die politieke probleme opgelos word, nog ongekende ontwikkeling ondergaan. Die R.S.A. wat so intiem deel is van hierdie subkontinent, kan en moet reuse-bydraes tot hierdie ontwikkelingsfase lewer. Maar vir die verwagte ontwikkeling is talle opgeleide mense 'n basiese inset – en dit is waar ons plig as Universiteit vir die toekoms lê.

Daarom is dit die strewe van die Universiteit van Stellenbosch om mense te lewer wat hierdie ontwikkeling kan inisieer, voortdra en selfs help versnel. Ons is dankbaar dat ons Universiteit in 1979 weer 'n rekordtal (3 110) gegradueerdes en gediplomeerdes (waarvan 442 nagraadse diplomas) kon lewer.

As ons let op die verhoudingsaandeel van administratiewe en bestuurspersoneel (die witboordjiewerkers) tot die totale werkerskorps in die Republiek, dan merk ons dat die genoemde groep in die R.S.A. een persent van die totale werkerskorps vir die totale bevolking uitmaak, en 5,1% wat betref die blanke bevolking. Dit is laag vergeleke met die V.S.A. waar hierdie persentasie agt is, en Australië waar dit 6,7% is, m.a.w. laag in vergelyking met ontwikkelde lande.

Dit is juis hierdie administratiewe en bestuurspersoneel wat die leierskorps in die land vorm, wat die entrepreneurs is en wat op hulle beurt verantwoordelik is vir die skepping van werkgeleenthede. Hierdie groep mense word hoofsaaklik gelewer deur die graduandi van universiteite.

Beskuldiging wat soms gehoor word, naamlik dat universiteitsopleiding 'n luukse is, dat dit 'n statussimbool is en dat dit nie produkte lewer wat afgerond en afgerig is om dadelik 'n spesifieke taak te kan verrig nie, is uiters kortsigtig. Daarmee word langer termynbehoefes van ons land totaal oor die hoof gesien en word foutiewelik die klem getlaas op afrigting vir die onmiddellike en nie op die werklike akademiese en

voortuitbeplande taak van die Universiteit nie.

Wat egter wel waar is, is dat die eng definisie van die wesenstrekke van 'n Universiteit, t.w. wetenskapsbeoefening, d.w.s. onderrig en navorsing, nie totaal toereikend is nie. Onderrig en navorsing staan sekerlik bo-aan enige lys wat die doel en funksie van 'n Universiteit probeer weergee, maar daar is wel ook 'n komponent van kennistoepassing wat saamhang met die voorbereiding vir die beoefening van 'n beroep waarvoor die maatskappy 'n universitêre opleiding nodig ag.

VORMINGSASPEK

BELANGRIKER egter is dat daar ook 'n vormingsaspek is wat met die student in sy totaliteit handel en nie net aan kennisgerigte aspekte van vorming aandag gee nie, maar ook met emosionele, estetiese en ander aspekte rekening hou. Waar ek verwys het na die ideaal om mense te lewer wat kan help bou aan die toekoms van ons land, is dit ewe belangrik om mense met afgeronde persoonlikhede te lewer – mense met 'n ewewigtige oordeel, met 'n gebalanseerde lewensuitkyk, met begrip en waardering vir die sienswyse van andere en met 'n sensitiwiteit vir basiese beskawingswaardes.

Ons is dankbaar dat getuigskrifte, soos in die geval van ons Universiteitskoor ná afloop van sy buitelandse toer in 1979 ongevraag gegee word: „Maar wat ons persoonlik nog meer beïndruk het, was die manier van optrede deur die koorlede en hulle dirigent, dr. De Villiers. Hulle beskeidenheid, hulle disipline en veral hulle vriendelike geaardheid het op ons en ons vriende 'n diep indruk gemaak en ons die gevoel gegee dat ons almal een groot familie was. Ons kan u verseker dat die Universiteitskoor die beste ambassadeur vir Suid-Afrika in Salzburg was”. Só skryf dr. Reinhold Möbius en prof. Hans Diemath, onderskeidelik voorsitter en ondervoorsitter van die Oostenryk-Suid-Afrikaanse Klub uit Salzburg, waar elke jaar ongeveer 40 koorkonserte plaasvind. Ons vertrou dat dit ook waar sal wees van u as 'n groep studente.

Ons is ook groot waardering verskuldig aan die 41 erkende studenteverenigings, die dertigtal sportklubs en ons koshuisorganisasie wat tot hierdie noodsaaklike vorming bydra. Die bereidheid van ons studente om naaste diens te verrig en wel deur 'n organisasie soos USKOR – wat met 'n rekord Karnavalinkomste van R168 000 en met die deelname van meer as 800 studente in 1979 reusewerk kon verrig – is 'n sprekende voorbeeld dat ons jongmense ook reeds geleer het om hulself te gee.

Ek sou nog lank kon uitwei oor punte soos wat ons van u persoonlik verwag, wat die toekoms van u gaan eis en wat ons as Universiteit doen om u te help. Stellenbosch met sy mooi verlede en sy kultuurryke dorp, met sy onkeerbare wil om 'n bydrae to lewer deur die stempel van sy produkte, bied u die geleentheid om u te bekwaam vir diens aan ons land. As u van hierdie geleentheid gebruik maak, dan bied Stellenbosch 'n wonderlike geestelike ervaring. Wanneer u dan na afloop van u bevoorregte studietyd in Matieland u laaste vriende groet, sal u met 'n knop in die keel saam met die digter A. E. Schlegemann sê: „Vir my was dit die grootste eer . . . Ek het op Stellenbosch studeer!”

Aan u as nuweling is my spesiale boodskap uit Esra 10, vers 4: „Staan op, want die saak rus op u, en ons staan by u, wees sterk en handel”.

Daardie gevoel van Permanensie.

Dis dáár - met gesonde finansiële advies.



Elke tak van Die Perm het mense wat die probleme van persoonlike geldsake haarfyn ken. Dis hul werk. Gesels met een van hulle as u planne het om 'n huis te bou of te koop. Of as u spaar met 'n spesifieke doel. Of 'n belastingprobleem het.

Hulle sal nie u kop laat draai met ingewikkelde finansiële terme nie. U kry gesonde finansiële advies wat u kan verstaan.

Die Perm sorg al meer as 95 jaar vir antwoorde op Suid-Afrikaners se geldprobleme.

Besoek enige kantoor van Die Perm en u sal verstaan wat dit beteken om te deel in 'n gevoel van Permanensie.



Maak Permanensie deel van u lewe.

VZ70/5580/484

MATIERUGBY

RUGBY op Stellenbosch is vanjaar 100 jaar oud.

In die eeu wat verby is, het die naam Stellenbosch en rugby sinoniem geword en is die naam van ons Alma Mater uitgedra na alle uithoeke van die aardbol.

Boekdele kan geskryf word oor Stellenbosch se roemryke rekords en prestasies in Westelike Provinsie, Suid-Afrikaanse en selfs wêreldrugby.

Maar vernaamste vir my is wat Stellenbosch se bydrae was om grootheid te bring aan die spel rugby en veral die naam van ons land.

Die Matie-rugbyklub is vandag die grootste ter wêreld met meer as 1 000 spelers. Op een jaar ná het die Maties nog elke jaar die nasionale klubkampioenskap gewen. Hulle wen ook die W.P. se Groot Uitdaag- en Stadsbeker dosyne kere en slaan in dié proses elke rekord wat geslaan kan word.

Maar die grootheid van Stellenbosse rugby blyk die beste uit sy bydrae op nasionale en internasionale vlak.

Stellenbosch het meer Springbokke, nl. 109, opgelewer as enige ander klub in Suid-Afrika. Trouens, hy het meer Springbokke gelewer as die meeste provinsies.

Ons noem net 'n paar van sy trotse rekords.

Hy het nie minder nie as tien Springbokkapteins opgelewer. Hulle is: Paul Roos (1906-7), Theo Pienaar (1921), Pierre Albertyn (1924), Danie Craven (1937-'38), Salty du Rand (1956), Avril Malan (1960, '61, '64), Abe Malan (1963-'64), Dawie de Villiers (1965, '67, '68, '69, '70), wat ook die rekord hou vir die meeste verskynings as Springbokkaptein, Hannes Marais (1971, '72, '74) en Morné du Plessis (1975, '76, '77).

In die eerste Springbokspan wat oorsee getoer het — dié van Paul Roos van 1906 na Brittanje en Frankryk — was daar elf Stellenbosers — die meeste spelers van één klub wat nog in 'n Springbokspan was. Paul Roos self was 'n Matie.

Roos was die eerste kaptein van 'n Springbokspan in die buiteland en in

1921 word Theo Pienaar, nog 'n Matie, die eerste kaptein wat 'n Springbokspan na Australië en Nieu-Seeland lei.

In 1924 speel nie minder nie as sewe Maties in die derde toets teen Cove-Smith se Britse Leeus, nl. Pierre Albertyn (kaptein), Nico Bosman, Kenny Starke, Sas de Kock, Theuns Kruger, Nic du Plessis en Paul le Grange.

Danie Craven speel vir Suid-Afrika in meer posisies in toetse as enige speler in die geskiedenis: skrum-skakel, losskakel, senter en agtste-man.

Die Matie Jannie Engelbrecht het die meeste drieë in alle wedstryde vir die Springbokke gedruk en ook die meeste drieë op die taaiste van alle toere, nl. dié in Nieu-Seeland, en ook die meeste drieë, nl. agt, saam met

DOK CRAVEN IS

IN die geskiedenis van die rugbyklub van ons Alma Mater het daar só baie dinge gebeur, en is soveel hoogtepunte bereik, dat 'n mens maklik beskuldig kan word van grootpraat en grootdoenigheid. Dat ons rede het om trots te voel, kan niemand egter van ons wegneem nie.

Ons vier ons 100e verjaardag op die vyfde veld waarop die klub gespeel het. Sedert rugby gespeel is, d.w.s. vanaf 1866, totdat die klub gestig is in 1880 en tot 1885, toe rugbypale die eerste keer geplant is, het ons op die Braak gespeel.

Toe is ons na die Vlakteveld, waar die rekenaarsentrum en die geboue vir bosbou vandag staan, en speel ons daar tot 1896, toe ons vir die eerste keer in ons geskiedenis die Groot Uitdaagbeker wen. Op daardie veld maak ons ook geskiedenis toe ons teen die Leeus van 1891 speel.

In 1897 word die ou Pawiljoenveld ingewy, wat op die ou vullisgat van die dorp opgerig is, en waar die roemryke tradisies van die Braak en Vlake voortgesit en uitgebou is, en ons grootste Springbokke opgelewer het.

Baie Springbokke sal onthou word, maar die name van Paul Roos, Bob Loubser, Japie Krige, Theo Pienaar, P. K. Albertyn en dosyne ander is vandag nog huishoudelike name.

Dit het die Universiteit egter nie verhinder om die veld te verskuif na Coetzenburg nie, wat amptelik in

1930 ingewy is. Die tradisie is egter voortgesit en nog 51 Springbokke is op Coetzenburg opgelewer. Dit sluit in die bekende Springbokkapteins, Salty du Rand, Avril Malan, Abe Malan, Dawie de Villiers, Hannes Marais en Morné du Plessis.

In 1979 verskuif ons na — so hoop ons almal — ons laaste veld op Stellenbosch.

Dit is van pas dat ons die dekade sewentig afgesluit het met die grootste prestasie wat dié klub nog gelewer het. Dit is asof alles op hoogtepunte afgestuur het, of almal wat die huidige geslag voorgegaan het hulle toegespits het op die bereiking van hierdie hoogtepunte.

Ons noem die volgende: In 1904 wen Stellenbosch al wat beker is en word daardie jaar die annus mirabilis genoem. In 1955 roep ons die tweede een uit, in 1956 die derde en daarvan is feitlik elke jaar een.

In 1903, 1904 en 1905 wen ons die Groot Uitdaagbeker driekeer na mekaar maar toe moes ons 50 jaar wag voordat ons dit weer kon doen, naamlik in 1955, 1956 en 1957 en ons herhaal dit in 1963, 1964 en 1965. En toe slaan ons hierdie rekord deur die Groot Uitdaagbeker vyfkeer agtereenvolgens te wen vanaf 1967 tot 1971 en ewenaar dit weer vanaf 1975 tot 1979.

In 1978 teken ons die meeste punte aan, naamlik 492 en sedert 1967 word daar net in een seisoen meer as 100

100 JAAR

John Gainsford, in toetse.

Matie Ferdie Bergh is die voor-speler wat die meeste drieë in toetse gedruk het, nl. sewe.

Mannetjies Roux, die superster van Maties, het oor 'n langer tydperk vir die Springbokke gespeel (1960 tot '70) as enige agterspeler in die geskiedenis. Net één voorspeler, Basil Heatlie, wat een jaar langer Springbok was, oortref hom.

Mannetjies was so 'n slim speler dat dr. Danie Craven by geleentheid aan my gesê het: „Daar was nog net één rugbyspeler op Stellenbosch voor wie ek my woorde moes tel wanneer ek met hom gepraat het en dit was Mannetjies.”

Stellenbosch sorg egter nie net vir homself en vir Suid-Afrikaanse rugby nie, maar ook vir die Westelike Provinsie, en hy sorg vir ander klubs en

Deur **GEORGE GERBER**, Oud-Matie en Kaapse sportredakteur van Rapport, wat bykans 30 jaar reeds nou verbintenis met die Stellenbosch-Rugbyklub, in besonder dr. Danie Craven, het. Die Rugbyklub het hom in 1965 vereer op grond van „sy diens aan rugby”.



provinsies dwarsoor die land. Stellenbosch was nog elke jaar wat daar 'n Curriebekertoernooi (vandag Curriebekerkompetisie) gespeel is, verteenwoordig in die Westelike Provinsie se spanne.

Deesdae is dit niks vreemd as 12, 14 Maties of selfs meer in dieselfde seisoen vir die W.P. speel nie. Dit oortref selfs die beste prestasie van die ou dae toe die hele Matie-agterlyn onder 'n Matie-kaptein in 1919 gekies is om vir die W.P. te speel: P. K. Albertyn en Attie van Heerden (vleuels), Johnnie Strasheim en Tinie Krige (sinters) en Sas de Kock en Mannetjies Michau (skakels). Kaptein: Gideon Roos. (Albertyn kon egter weens 'n besering nie speel nie).

En hoeveel erf ander klubs en provinsies nie van Stellenbosch nie? 'n Mens moet net 'n Oud-Matiespan kies, en siedaar. Drie van ons jongste Springbokke van die afgelope jare, Jackie Snyman, Rampie Stander en Hermanus Potgieter, het hulle rugby op Stellenbosch geleer, maar het elders Springbokke geword. Ons noem hulle net as voorbeeld, maar die lys is baie lank.

En op die koop toe lewer Stellenbosch ook sommer internasionale spelers vir ander lande. Ossie Newton-Thompson en Jan Krige het vir Engeland gespeel, en J. S. McDonald (seun van wyle prof. McDonald na wie die destydse McDonaldhuis vernoem was), en Don McDonald vir Skotland.

Ook het Stellenbosch 'n reuse-rol gespeel om rugby die nasionale spel van Suid-Afrika te maak.

As dit nie vir die prestasies van Matie Paul Roos se Springbokspan (met sy elf Maties) op die eerste buitelandse toer in 1906 in Brittanje was nie, kon rugby dalk 'n knou gekry het waarvan dit moeilik sou herstel het.

AAN DIE WOORD

punte teen ons aangeteken.

In 1975 word die Toyota-Interklubkompetisie in die lewe geroep en ons wen die Toyota-trofee vier uit die vyf keer en omdat ons dit sedert 1977 drie keer verower het, is dit nou ons eien-dom.

Van 1930 tot 1936 wen ons o.19A die kompetisie sewe keer na mekaar, maar in die jare vyftig wen ons dit tien keer na mekaar, en toe in die jare sestig begin die rekord wat deurloop tot in die jare sewentig toe ons dit twaalf keer na mekaar wen.

In 1920 klop ons die Ikeys 28-0 in die eerste kragmeting en 20-3 in die tweede, 'n rekord wat bly staan het tot 1972 toe ons 31 punte aangeteken het, maar die Ikeys 16 teen ons aangeteken het.

In 1977, d.w.s. 57 jaar na 1920, klop ons die Ikeys met 48 punte teen 9. Hulle kon slegs drie strafdoele teen ons aanteken. In die volgende jaar teken ons 35 punte teen hulle aan.

Ons wen 47 Intervarsities teen die Ikeys se 21 en 14 eindig gelykop.

Tot dusver het ons 17 keer skoon-skip gemaak en die Ikeys geen.

Die tweedespan speel 81 Intervarsities, wen 56 en speel 6 gelykop.

Die derdespan speel 81, wen 60 en speel 6 gelykop.

Die vierdespan speel 74, wen 52 en speel 9 gelykop.

Net een rekord staan nog, naamlik dié van die vierdespan wat in 1914 58 punte teen die Ikeys aangeteken het.

Die Victoriane wat in 1970 hul ontstaan gehad het, is 'n sieraad vir die Universiteit en eindig dikwels tweede ná die eerstespan op die punteleer van die Westelike Provinsie. Hulle het U.P.E. al twee keer geklop, Rhodes een keer en in 1979, op toer, klop hulle beide Harlekyne en Pretoria Polisie.

Ons het sedert 1923 periodiek teen Tukkies gespeel, toe daarvan 'n Intervarsity probeer maak, en nou speel ons jaarliks teenmekaar, soms twee keer wanneer albei spanne na die Toyota-klubtoernooi gaan en dan daar teen mekaar te staan kom.

Tot op hede is die uitslae: ons wen 12, hulle 5 en ons speel eenkeer gelykop.

Wat betref Maties in die Westelike Provinsiespan word die rekord deeglik geslaan in die jare sewentig toe 133 in die Streeptrui speel. Die vorige rekord was 81 in die dekade sestig en vóór dit 61 in die dekades vyftig en twintig.

En so kan ons aangaan om nog uitstaande prestasies aan te haal, maar dit sal gedoen word in die boek wat ons uitgee ter viering van ons 100e bestaansjaar, getiteld „Die Groot Rugby-gesin van die Maties”.

D. H. CRAVEN
19 Februarie 1980.



Jannie Engelbrecht — hy hou die rekord vir die meeste drieë in toetswedstryde . . . Jan „Engel” op volle versnelling doellyn toe was ’n gesig wat geen rugbyliehebber ooit sal vergeet nie.

RUGBY was in die begin van die Eeu nog in sy kinderskoene hier aan die suidpunt van Afrika. As oom Polla se span sleg gevaar het, sou die belangstelling vir die spel ’n verskriklike terugslag gekry het. Maar elke keer wat die nuus van oorkant die water gekom het dat Roos se span gewen het, het dit oor die lengte en breedte van ons land gegalm en weergalm. Met elke oorwinning het die trots gegroei in die harte van die volk hier aan die suidpunt.

Die prestasies van Roos se span en veral die Stellenbosse „Thin Red Line”, in daardie span het die verbeelding van die jong rugbyland aangegryp. Die „Thin Red Line”, soos hulle wêreldwyd bekend geword het, het bestaan uit Anton Stegman en Bob Loubser (vleuels) en Japie Krige en sy neef Boy de Villiers (sinters), wat as ’n kwartet nie net vir Stellenbosch nie, maar ook vir W.P. en Suid-Afrika gespeel het.

Veral Krige en Loubser se asemrowende lopies en drieë het ’n vlam in die harte aangesteek van mense van die Kaap tot die Zambezi. Skoolseuns het enige ding wat hulle in die hande kon kry — ’n tennisbal, ’n klip of prop — gegryp en daarmee begin hardloop en uitgeroep: „Ek is Japie” of „Ek is Loubser.”

Dit het daartoe gelei dat rugby uitgedra is tot alle uithoeke van die land — klubs is oral gestig. Dit was soos ’n sterrereën oor Suid-Afrika. Só is rugby as nasionale spel van Suid-Afrika gevestig.

Paul Roos se span se prestasies het ’n nasionale trots en bewussyn hier aan die suidpunt ontketen. Die volksgevoel wat hulle help wakker maak het, het op ’n breë front invloed gehad. Navorsers oor die spel meen dat dit ’n stewige bydrae gemaak het tot die vereniging van die vier provinsies vier jaar later, in 1910, toe die Unie van Suid-Afrika tot stand gekom het.

Springbokkapteins uit Matieland



Paul Roos
(1906 – 7)



Theo Pienaar
(1921)



P. K. Albertyn
(1924)



Danie Craven
(1937 – '38)



Salty du Rand
(1956)




Avril Malan
('60, '61, '64)



Abe Malan
(1963 – '64)



Dawie de Villiers
(1965 – '70)



Hannes Marais
('71, '72, '74)



Morné du Plessis
('75 – '77)

Maties se superster

Die ongelooflike Mannetjies Roux — ook hy het sy rugby op Coetzenburg geleer — op pad doellyn toe in die toets teen die Britse Leeus van 1968 wat op Ellispark gespeel is. Mike Gibson (links) probeer ver-geefs keer. Roux het oor 'n langer tydperk vir die Springbokke gespeel as enige speler in die geskiedenis. Net één voorspeler, Basil Heatlie, wat 'n jaar langer Springbok was, oortref hom.



DOK EN OUBAAS MARK MATIERUGBY SE HOEKSTONE

DAT Stellenbosch sy stempel onuitwisbaar kon afdruk op Westelike Provinsie, Suid-Afrikaanse en internasionale rugby is by uitstek te danke aan twee manne — August Frederick Markötter en Daniël Hartman Craven.

Die betekenis van hierdie twee manne vir Stellenbosse en Suid-Afrikaanse rugby kan nie in woorde beskryf word nie.

Die legendariese Oubaas Mark (alias Baas Mark of Mr Mark) het in die eerste helfte van hierdie eeu die grondslae gelê vir die trotse geskiedenis van die klub. Dr. Craven, wat sy rugby aan die voete van Oubaas Mark geleer het, het daarop voortgebou en met hamer en beitel die klub uitgebou tot wat dit vandag is — die grootste en waarskynlik sterkste rugbyklub op aarde.

Wat die oues aan Oubaas Mark te danke het, het die jongeres aan dr. Craven te danke.

Oubaas Mark was sekerlik die grootste ontdekker van Springbokke in die geskiedenis — hy het Springbokke soos 'n bloedhond uitgeruik.

Maar dr. Danie Craven, wat sê dat hy alles wat hy in rugby bereik het aan Oubaas Mark te danke het, het self X-straal oë om Springbokke te ontdek. In die bykans 30 jaar, wat ek as rugbyskrywer met Dok saamloop, weet ek van net één enkele speler wat Dok vir die Springbokspan aangemerkt het wat nie Springbok geword het nie. En dit was die speler se eie skuld — hy het teen Dok se wense by Maties weggegaan en vir 'n swak klub

gaan speel. Speel jy vir 'n swak klub, steek hulle jou dikwels aan en speel jy al swakker. Dit was daardie speler se ondergang.

Hannes Marais het in die begin van die jare sestig in Stellenbosch se derde span flank gespeel in die Intervarsity op Coetzenburg. Toe ek Dok sê dat dié speler my baie beïndruk het met sy spel, antwoord Dok: „Dis Hannes Marais. Ek gaan hom voorry toe jaag waar hy nog vir Suid-Afrika gaan speel.”

So waar, twee jaar later draf Han-

nes vir die Springbokke uit teen die Wallabies in Johannesburg — as voorryman — en word later Springbokkaptein.

Tjol Lategan is in 1949 nie vir die W.P. gekies teen die All Blacks nie. Die aand na die wedstryd moes die Springbokspan gekies word vir die eerste toets teen die All Blacks. Dr. Craven, wat toe nasionale keurder was, stel Tjol Lategan voor as senter vir die Springbokspan, hoewel hy daardie middag nie eers plek gekry het in die W.P.-span nie.



Die twee grotes byeen. 'n Foto geneem in 1955 by geleentheid van die oorhandiging van die boek, „Met die Maties op die Rugbyveld” aan Oubaas Mark. Dok Craven en ds. Piet Jordaan (vader van Tampan Jordaan, wat jarelank vir die Maties en W.P. haker gespeel het) het die boek geskryf en aan Oubaas Mark opgedra.

Een van die keurders vererg hom so dat Dok vir Lategan voorstel dat hy dreig om te bedank as Tjol gekies word. Maar Dok weet presies wat hy aan sy Matiesenter het, en hy stel sy saak so goed dat Lategan gekies word. Lategan is uit die staanspoor 'n klinkende sukses en word een van Suid-Afrika se beroemdste senters.

Só kan ons aangaan hoe dr. Craven spelers ontdek en van hulle Springbokke en selfs Springbokkapteins gemaak het, tot by Morné du Plessis, jongste Springbokkaptein. Dok se meesterbrein, sy meesterplanne, sy sielkunde, sy verrassings, sy motiveering maak van hom ongetwyfeld vandag die beste en mees gevreesde afrigter ter wêreld.

As rugbyafrigter van wêreldformaat, rugby-administrateur, reël-maker van die spel en skrywer oor rugby word hy so bekend en gerespekteer dat hy deur die hele wêreld spontaan aanvaar word as „Meneer Rugby.”

Selfs agter die Ystergordyn is daar soveel respek vir sy kennis van die

spel dat van sy rugbyboeke — hy het meer rugbyboeke geskryf as enige ander ter wêreld — as handboeke vir rugby gebruik word.

Van 1956 tot vandag bestuur hy met meesterlike hand Suid-Afrika se rugby as voorsitter van die S.A. Rugbyraad en dien ook verskeie kere as voorsitter van die hoogste rugby-liggaam, die Internasionale Rugbyraad, waar sy menings groot gewig dra en met die grootste agting bejeën word.

Hy word ook lid en voorsitter van die Internasionale Rugbyraad se Reëlskomitee, wat die reëls van die spel maak, en maak so 'n reusebydrae tot die evolusie van die spel.

Koshuisrugby, wat Dok op Stellenbosch invoer, word die proefkonyn vir reëls van die spel wat hy uittoets, en word later deel van die spel bv. die 10 treë-onkantreël by die lynstaan en die verbod op 'n direkte uitskop van 'n speler se eie 22 metergebied. So ook die differensiële strafskop. Tientalle reëls wat deur hom uitgedink en ontwikkel is, staan vandag in die wet-

boek van die spel.

Dok was selfs die man wat eerste met opwarmsoefeninge op Stellenbosch begin het! In die begin was daar mense wat daarvoor gelag het, maar weldra het almal dit aanvaar en vandag is dit wêreldwyd 'n gebruik onder sportmanne. Só is dit met Dok — hy is altyd die meeste tien jaar vooruit!

Ook Oubaas Mark het sy stempel afgedruk op die evolusie van die spel. Die 3-4-1 skrumformasie wat vandag oral in die wêreld gebruik word, het voor 1928 nie bestaan nie. Oubaas Mark het dit geskep en sy maagsel werk so uitstekend dat alle rugbylande dit aanvaar.

Ook skeep Oubaas Mark die gespesialiseerde agtsteman vir die spel, en sy man vir die taak, die Kweekskoolstudent, André McDonald, is so 'n reusesukses as agtsteman op die Springbokke se toer in 1931 in Brittanje dat die agsteman die spel betree het om te bly.

—GEORGE GERBER

Maties don't know defeat

IT says much for the high standard and efficiency of Stellenbosch rugby that, in all the years I have watched the Maties, I have to think hard about trying to recall matches they have lost!

Without looking at statistics which is time-consuming, it is especially difficult to remember when Stellenbosch have gone down to defeat against club sides in the Western Province.

We know that since the Maties-Tukkies Inter-Varsity matches were resumed on an annual basis Stellenbosch were well beaten at Loftus Versfeld in 1978 though (from the television film) I shall always believe that Divan Serfontein scored a fair try just before half-time which was disallowed by the Free State referee.

And in the final of the Toyota national club championship in Durban over Easter in the same year the Pretoria students also proved too good for their Stellenbosch counterparts. In 1976 the Inter-Varsity game at Loftus was drawn.

Against this, of course, the Maties have been victorious on each of the four occasions that Tukkies have visited the Cape. Two of these games were played at Coetzenburg, one at Newlands and last year's at the new Danie Craven Stadium which will always be a monument to "Doc".

By A. C. PARKER, former sports editor of *The Argus* and doyen of South Africa's rugby writers



In 1973 the Inter-Varsity game at Coetzenburg was memorable for the two tries scored by a comparatively unknown right-wing, "Slang" Kritzinger. In 1975 the Maties had to withstand terrific pressure from a powerful Tukkies pack and I recall this game chiefly now for a series of clean, incisive breaks by centre Gys van Schoor.

There is no doubt in my mind, incidentally, that Gys van Schoor would have become a Springbok centre like his uncle Ryk, but for recurring and disheartening hamstring trouble. Several times he has returned after injury, only to break down again.

In 1977, at Newlands, the Maties motivated and prepared, as usual, by that master coach, "Doc" Craven took on Tukkies at their strongest point, up front. And, as usual, the Matie backs were superior in using the ball.

I shall always remember last year's game at the Craven Stadium for two of the most beautiful tries I've seen. The first came when full-back Christo Nel caught a clearance upfield by Tukkies full-back Pierre Edwards and quickly ran across field to catch the Tukkies team by surprise. Nel linked at the right time and Van Schoor, cutting in sharply as the defence expected a pass to the right, romped over.

(continued overleaf)

And in the second half it was Nel who, coming into the line from full-back, ran brilliantly and deceptively to score himself and put the result beyond doubt with a 14-3 win.

Last season Stellenbosch compiled a remarkable unbeaten record, though they came close to defeat in being held to a 3-all draw by Villagers in the Grand Challenge final on a wet afternoon at Newlands.

Two years ago Bellville inflicted an early-season defeat on the Maties, but it is unquestionably Villagers who (among Western Province clubs) have given Stellenbosch most trouble. Their games have almost always been closely contested. A few years ago Villagers won the Grand Challenge by beating Stellenbosch 3-0 in the final at Newlands, the match being played in pouring rain. The only points came from a penalty goaled by fly-half Mike Bowditch, then better known as a Western Province cricketer.

And in 1975, the first year in which Morné du Plessis played for Villagers after leaving his Alma Mater, the Claremont club achieved the very rare distinction of beating the Maties at Coetzenburg. Colin Meads, the famous New Zealand lock forward, was sitting in the grandstand and he remarked afterwards that this was one of the few occasions when a team with the better backs carried the day against a side with the stronger pack of forwards.

Stellenbosch, though holding a slender lead, had seemed safe as they were controlling the play territorially. But, suddenly, out of nothing, the Villager right-wing, Rodney Bryant, got the ball, kicked ahead, followed up (he had exceptional pace), regained possession and this brought the winning try. But, as I have said at the outset of this piece, a Stellenbosch defeat in recent years has become almost a curiosity.

As is well known, the Maties have

produced over a hundred Springboks (much more than any other club) and have been the backbone of Western Province teams. It is sometimes said that expert coaching, with Danie Craven showing the way, is the biggest single factor in the success story of the Mighty Maties.


Certainly it has been important, but I venture to say that it is something more than that.

It is, I believe, a mystique influence that affects rugby players when they become permeated by the atmosphere in Matieland. Call it tradition if you like ... a sense of inspiration when a player pulls on that maroon jersey. Whatever it is, the fame of Stellenbosch rugby has spread far beyond the borders of South Africa. I congratulate the club on becoming the fourth in the Western Province to celebrate its centenary, the others being Hamiltons, Villagers and Gardens.

Toe en nou



En hier het dit alles begin ... (links bo). Die eerste span van die Rugbyklub Stellenbosch, vanjaar 100 jaar gelede. Agter v.l.n.r. Willie Wessels, Nico Hofmeyer, Lammie van Colter, Daantjie le Roux, Jan Hugo, Jan Hofmeyer, Jan (Kale) van Heerden, Jerry van Niekerk en Jim van Niekerk. Middel v.l.n.r. Hendrik Luttig, Willie Hunt, Willie Joubert en Hansie Wium. Voor sit Frank Mege (met die bal) en langs hom die kaptein van die span, E. L. B. Schroeder ...



... en so lyk hulle 80 jaar later (links onder) die Rugbyklub Stellenbosch — eerstespan 1979. Wenner van die Nasionale Klubkampioenskapstoernooi, die Groot Uitdaagbeker (middel voor) en die Stadsbeker. Agter v.l.n.r. F. Elstadt, Bill Nieuwoudt, Gys van Schoor, D. Lötter, Flip van der Merwe, L. Buys, A. Matthee, H. Steenkamp en C. Ebersohn. Staande v.l.n.r. Adam Barnard, Deon van Blommenstein, Rob Bolus, P. G. (Hempies) du Toit, Rob Louw, Roelf Louw, Martyn van Blommenstein, Willie du Plessis en Swys Joubert. Sittend v.l.n.r. Christo Nel, Hennie Bekker, Robbie Blair, Dok Craven, Boland Coetzee (kaptein), mnr. Albie Basson (bestuurder), Tollie Oosthuizen, Divan Serfontein en Pierre Goosen. Voor sit Pierre Oosthuizen en Rob Hankinson. Sakkie Mocke, Wilhelm Schmidt en Shaun Povey was afwesig toe die foto geneem is.

FEESPROGRAM EN AANDENKINGS

DIT is vir die Rugbyvoetbalklub Stellenbosch baie aangenaam om alle huidige lede; oud-lede van die Klub; Oud-Maties en lede van die Coetzenburgklub uit te nooi om die honderdjarige bestaan van die Klub saam met ons op 'n feestelike wyse te herdenk. Dit sal vir ons baie aangenaam wees om die groot *Matie-gesin* weer op Coetzenburg en meer spesifiek hier by die Danie Cravenstadion te verwelkom en te verenig.

Die feesprogram sien soos volg daaruit:

15 MAART 1980

Finaal van die Eerstejaars (nuwelinge) Toernooi
Victoriane vs Gevangenis Pretoria
Stellenbosch I vs S.A. Barbarians

22 MAART 1980

Finaal Koshuis-sewes
Stellenbosch Koshuis vs Blakes
Victoriane vs Noordelikes
Stellenbosch vs San Isidro (Nasionale Kampioenspan van Argentinië)

29 MAART 1980

Stellenbosch I vs C.U.B.A. (Club de Universita Buenos Aires)
Oud-Maties vs Transvaalse Rooibokke

Na afloop van hierdie wedstryde sal daar funksies aangebied word waarby die feesgangers baie welkom is.

Die rugbykantoor stel die volgende prosedure voor sodat ons reëlins so vlot as moontlik kan verloop en ons

te alle tye kan weet vir hoeveel gaste om voorsiening te maak. Ons reken hier op u samewerking.

Alle bestellings wat u plaas aan die hand van die katalogus, sal K.B.A. aan u versend word.

Alle persone wat die feesverrigtinge (onthale) oor die naweek 28/29 Maart wil bywoon, moet vir ons 'n bedrag van R2,00 per persoon saamstuur sodat die nodige kentekens aan u gestuur kan word wat aan u toegang sal verleen.

Alle persone wat al drie die naweke se geleentehede (onthale) wil bywoon, moet 'n bedrag van R5,00 per persoon aan ons stuur sodat die nodige kentekens aan u voorsien kan word.

Alle persone wat bo en behalwe die feesverrigtinge (onthale) die rugbywedstryde van die

	<i>Aantal kaartjies</i>	<i>Bedrag</i>
15 Maart 1980
22 Maart 1980
29 Maart 1980

wil bywoon, moet dit duidelik hierop aandui en die korrekte bedrag geld vir die soort kaartjie insluit.

Pryse van kaartjies

Hoofpawiljoen onderdak	R4,00
Hoofpawiljoen oop	R2,00
Buite	R1,00

Kaartjies vir die wedstryde kan die week van die betrokke wedstryd by die Rugbykantoor tussen 14h00 – 16h00 afgehaal word.

AANDENKINGS WAT TE KOOP AANGEBIED WORD

	JA	NEE
1. Skryfblokke @ R1,20
2. Koperskinkbord met Eeufeeswapen @ R30,00 (slegs 100 word gemaak)
3. Tafelmatjies (Stel van 6) @ R4,50
4. "Coasters" van Springbokkapteins (2 stelle van ses) @ R2,00 per stel
5. "Coasters" van Rugbyklubwapen en Victorianekollegewapen (1 stel van 6) @ R2,00
6. Hemde met Eeufeeswapen, kort- en langmou beskikbaar @ R8,00
7. Koffiebekers met karikature van Tukkie en Ikeys daarop (Stel van 3) @ R2,00
8. Wynglase @ R5,00 vir stel van 6
Totale bedrag

Dit moet versend word aan:

.....

 Poskode

Alles dui daarop dat al hierdie aandenkings voor die einde Maart beskikbaar sal wees.

By voorbaat dankie vir u vriendelike ondersteuning. Ons sien uit daarna om u op Stellenbosch te ontvang.

DAWIE SNYMAN
RUGBYORGANISEERDER

HOOGSTE EER AAN PAUW,

Dr. Danie Craven, dr. Anna Böeseke en mnr. Theo Pauw — drie Oud-Maties wat in hul leeftyd tot dusver reeds oneindig veel vir Suid-Afrika en baie van sy inwoners vermag het. Aan hulle het die Alma Mater verlede jaar die hoogste eer bewys deur aan elk 'n eredoktorsgraad te verleen. Dr. Craven, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad en direkteur van Sport aan die U.S., het sy vierde doktoraat ontvang, nl. die graad D.Phil. (honoris causa). (Hy beskik reeds oor doktorsgrade in volkekunde, sielkunde en liggaamlike opvoedkunde.) Dr. Böeseke, een van Suid-Afrika se bekendste historici, het die graad D.Phil. (honoris causa) ontvang, en mnr. Pauw, een van die wêreld se outoriteite op die gebied van die blindewese, die graad D.Ed. (honoris causa). Die eredoktorsgrade is verleen deur die Universiteit se vise-kanselier, dr. Kosie Gericke, op die grade- en diplomaplegtigheid van 12 Desember.

DANIËL Hartman Craven, 'n Vrystater van geboorte, kom aan die begin van 1929 na Stellenbosch waar hy die grade B.A. en M.A. en in 1935 'n doktorsgraad in volkekunde verwerf.

Ná twee jaar in die onderwys word dr. Craven in 1938 aangestel as direkteur van Liggaamlike Opvoeding in die Weermag. Tydens die Tweede Wêreldoorlog was hy stafoffisier in Suid-Afrika Huis in Londen. In 1946 word hy direkteur van die Liggaamlike Opvoedingsbrigade in Kimberley en verrig baanbrekerwerk op die gebied van die remediële onderrig aan herstelbaar liggaamlik gestremdes.

In 1949 word hy hoogleraar in liggaamlike opvoedkunde aan die U.S., 'n betrekking wat hy beklee tot sy aftrede aan die einde van 1975.

As sportman, -afriqter en -administrateur, het dr. Craven tot 'n heel unieke statuut aan dié Universiteit, in ons land as geheel en selfs in die buiteland uitgegroeï. Hy het nie net as rugby-Springbok, -kaptein, -afriqter, -bestuurder en -administrateur die hoogste trap bereik nie, maar veral aan sy Alma Mater groot dienste bewys en eer besorg. Sedert 1956 is hy voorsitter van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad en was hy die eerste Suid-Afrikaner wat die voorsitterstoel by 'n vergadering van die Internasionale Rugbyraad ingeneem het.

Sy verbintenis met ons nasionale sport het hy daadwerklik benut om die deure tot internasionale deelname so lank moontlik oop te hou. Binnelands het hy onuitspreeklik veel vermag om sport op veelvokige vlak aan te moedig en sodoende ook menseverhoudings op kennelike wyse te bevorder.

Dr. Craven het sy fisiese en intellektuele kragte dekades lank aan die volledige vorming van ons jongmense gewy. Deur sy invloed via die sport- en koshuislewe het hy standhoudend 'n voortreflike bydrae tot 'n gesonde, behoorlik geordende studentelewe gelewer.

Deur sy wye openbare optrede ook wat betref fondsinsameling, het hy die beeld van sy Universiteit op spontane wyse opgebou. Hy is nog steeds 'n unieke ambassadeur vir die Universiteit van Stellenbosch.

Die dankbaarheid en erkentlikheid van sy Alma Mater spreek ook uit 'n mosie wat tydens die jongste Konvokasievergadering op 30 November verlede jaar geneem is, waarin die Konvokasie hoë waardering teenoor hom uitspreek vir die voortreflike opvoedkundige bydrae wat hy oor baie jare vir Suid-Afrika in die algemeen en vir die Universiteit van Stellenbosch in besonder, gelewer het.

ANNA Jacoba Böeseke is in Pretoria gebore, maar het in Bloemfontein en Kaapstad skoolgegaan. Sy verwerf die M.A.- en 'n doktorsgraad aan die U.S. onder studieleiding van prof. H. B. Thom.

Sy was van 1955 tot 1970 verbonde aan die S.A. Argief o.m. as hoofredaktrise van die publikasie-afdeling.

Dr. Böeseke het in haar private tyd, vakansies ingeslote, ontsaglik baie navorsing gedoen. Sy het saam met prof. D. W. Krüger en dr. A. Kieser die vyfdeelige reeks *Drie Eeue: Die Verhaal van ons Vaderland* saamgestel, 'n reeks wat nou nog baie geraadpleeg word. Sedertdien het o.m. gevolg: *Simon van der Stel en sy Kinders* (1964); *Jan van Riebeeck en sy Gesin* (1974) en *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658-1700*. Laasgenoemde is sonder twyfel 'n sleutelwerk in die S.A. geskiedskrywing waardeur 'n skat van gegewens aan die vergetelheid ontruk is.

Vir *Simon van der Stel en sy Kinders* het die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns die Stalsprys toegeken. In die motivering is onder meer gesê die werk word beskou as 'n uitmuntende bydrae tot die Afrikaanse kultuurgeskiedenis vanweë noukeurige navorsing van argivale bronne, nie net in Suid-Afrika nie, maar ook in Indonesië en Nederland.

Wat inhoud betref, moet nadruk gelê word op die nuwe gegewens wat die skryfster ontdek het en wat in haar hande gegroeï het tot 'n belangwekkende detailstudie van historiese figure wat in 'n epogmakende tydsgewrig hul stempel op ons geskiedenis afgedruk het. Historiografies bied die werk 'n verruimende blik op die hele Van der Stelperiode. Dr. Böeseke het dus hoofsaaklik op die Nederlandse tydperk in ons geskiedenis, meer bepaald die jare 1652-1795, gekonsentreer. In dié verband is sy ons grootste kenner en belangrikste geskiedskrywer.

Stellenbosch en sy mense het in die meeste van dr. Böeseke se navorsing en publikasies sterk na vore getree.

CRAVEN EN BOËSEKEN

THEO Pauw is in 1918 op Fort Jameson in Zambië gebore. Ná sy skoolonderrig aan huis en later aan die Hoërskool Hottentots-Holland op Somerset-Wes behaal hy die grade B.A., M.A. en M.Ed. (cum laude) aan die U.S. Hy was in 1941 voorsitter van die S.R.

Dit is veral op die gebied van die onderwys van die blinde dat mnr. Pauw nasionaal en internasionaal tans as een van die wêreld se outoriteite op die gebied van die blindewese erken word.

Hy is sedert 1967 lid van die Uitvoerende Komitee van die International Council for the Education of the Visually Handicapped en vanaf 1968 ook lid van die Uitvoerende Komitee van die International Council for the Education of the Deaf-Blind. Hy is ook voorsitter van die S.A. Nasionale Raad vir Blindes.

In sy loopbaan het hy o.m. aan agt internasionale kongresse deelgeneem, en uitgebreide studiereise in die buiteland en in verskeie Afrika-state onderneem.


Aan die Skool vir Blindes op Worcester waar hy sedert 1961 hoof was, het hy 'n hoogs doeltreffende musieksentrum asook die braillemusiekbiblioteek wat tot 'n Nasionale Braillemusiekbiblioteek verklaar is, tot stand

gebring. 'n Kursus vir die opleiding van blinde rekenaar-programmeerders is ingestel, en die modernste tegniese hulpmiddels vir onderwys aan die blindes is verkry. Deur sy toedoen het die onderwys aan die swaksiende leerling met rasse skrede ontwikkel.

Mnr. Pauw het voortdurend die nood van gesigs-gestremdes binnelands en buitelands, voor gehore van uiteenlopende aard, voorgedra. Deur die Ouerleidingsdiens, waardeur aan ouers met voorskoolse gesigs-gestremde kinders leiding gegee word in verband met die grootmaak en opvoeding van hul kinders, is die voorskoolse kind reeds betrek. Selfs doofblindes ontvang nou ook opleiding.

Die verlening van 'n eredoktorsgraad aan mnr. Theo Pauw is 'n gepaste eerbewys aan iemand wat sy lewe daaraan gewy het om die blinde kind te laat sien.

Die Universiteit se eredoktorandi van 1979 — dr. Theo Pauw, dr. Anna Böeseke en dr. Danie Craven. Sowat drieduisend mense was in die D.F. Malan-gedenksentrum teenwoordig toe eregrade aan dié drie gevierde oud-studente verleen is.



DIE GROOT BELONING

DIE Universiteit het op 11 en 12 Desember verlede jaar grade en diplomas aan meer as 2 400 studente verleen. Die vise-kanselier, dr. Kosie Gericke, het die grade en diplomas op drie plegtighede in die D.F. Malan-ge-denksentrum aan die studente oorhandig. Daar is o.m. 30 doktors-grade verleen, o.a. aan die Kaaplandse direkteur van Onderwys, dr. P. S. Meyer, aan 'n 73-jarige predikant, ds. B. J. K. Anderssen en aan 'n Junior All Black-rugbyspeler, Paul Anderson. Die diploma in verpleegad-ministrasie is die eerste keer toegeken, en die U.S. het 111 geneeshere opgelewer. Onder hulle was mej. Lucia la Grange, die duisendste student wat die graad M.B.,Ch.B. op Stellenbosch verwerf het. Ds. Koichi Mino, leraar van Japan, het 'n meestersgraad in teologie cum laude ontvang.



Bo: Op die oggendplegtigheid van 11 Desember is doktorsgrade aan hierdie sewe mense verleen. Hulle is voor v.l.n.r. drr. S. Couvaras (Ph.D.), H. F. H. Weich (M.D.) en W. A. Groenewald (Ph.D.). Agter v.l.n.r. drr. D. Coetzee (M.D.), W. A. Coetzer (Ph.D.), K. von Gadow (Ph.D.) en H. J. van Zyl (Ph.D.).

Regs: Dertien van die 15 doktorandi aan wie grade op die middagplegtigheid van 11 Desember verleen is. Voor v.l.n.r. drr. M. H. O. Kloppers (D.Th.), D. Kotzé (D.Comm.), B. J. K. Anderssen (D.Th.), P. S. Meyer (D.Ed.), P. R. de Wet (D. Ed.) en H. R. Steel (D.Ed.). Agter v.l.n.r. drr. D. J. Smit (D.Th.), O. D. J. Stuart (D.Econ.), P. J. Mohr (D.Comm.), P. G. Anderson (D.Phil.), E. J. van der Walt (D.Th.), J. van der Merwe (D.Th.) en J. Janse van Rensburg (D.Th.). Dr. H. S. Havenga (D.Th.) was afwesig toe die foto geneem is, en dr. F. P. Biggs was oorsee.



Regs: Die laaste plegtigheid van 1979 was op 12 Desember en by die geleentheid is o.m. agt doktorsgrade verleen. Hier verskyn voor v.l.n.r. drr. D. S. Nieuwenhuizen (D.Mus.), M. Torrington (D.Phil.) en C. M. Smith (D.Phil.). Agter v.l.n.r. drr. H. J. Brand (D.Phil.), M. B. Brink (D.Litt.), D. W. R. Hertzog (LL.D.) en S. F. Rossouw (D.Phil.). Dr. D. M. Avery (D.Phil.) het haar graad in absentia ontvang.





Bo: Die Kaaplandse direkteur van Onderwys, dr. P. S. Meyer, word deur sy seun, Philip (hy is vanjaar 'n finalejaar ingenieurstudent), gelukgewens pas nadat die graad D.Ed. aan hom verleen is. By hulle staan 'n trotse mev. Winnie Meyer.



Bo: Mnr. A. F. Doubell was die beste student in die geneeskunde. Hier ontvang hy die graad M.B., Ch.B. met die hoogste lof van die vise-kanselier, dr. Kosie Gericke.



Bo: Tollie Oosthuizen (regs), bekende rugbyflank van die Maties en W.P. het as geneesheer afgestudeer. Sy broer, Gerdus (middel), het die graad B.Comm. verwerf. Hulle ouers, prof. en mev. Pippin Oosthuizen van Durban, en broer, Carel (links), van Johannesburg, het spesiaal na Stellenbosch gereis vir dié geleentheid. Prof. Oosthuizen is voorsitter van die Oud-Matieskakelkomitee in Durban.



Bo: Die Maties se oud-Rektor, prof. Jannie de Villiers, en sy vrou, Geraldine, saam met hul dogter, Ilse, wat die graad B.A. cum laude ontvang het. Mej. De Villiers is vanjaar primaria van die dameskoshuis Nemesia.

Regs: Mnr. Sarel Steel, wat 'n gemiddelde van 92,5% in sy hele studieloopbaan (B.Sc., Hons.-B.Sc. en M.Sc.) behaal het, was verlede jaar die wenner van die Kanseliersmedalje. Dit word toegeken aan die mees uitstaande finalejaarstudent en is geskenk deur dr. B. J. Vorster, Kanselier van die U.S. Mnr. Steel se vader, dr. H. R. Steel het 'n doktorsgraad in opvoedkunde ontvang en sy broer, mnr. Henry Steel, 'n M.-graad in sielkunde cum laude.



Regs: Ds. Koichi Mino van Japan het groot applous van die skare uitgelok toe die meestersgraad in teologie cum laude aan hom verleen is. Hy het sy verhandeling in Afrikaans geskryf.



TERUG OP DIE KAMPUS



Bo: Mnr. Andries Esterhuysen, organiseerder van die saamtrek en adjunk-direkteur van die Departement Ontwikkeling (tweede van regs), gesels hier met v.l.n.r. mev. Christerine Hattingh (1948) en haar eggenote, dr. Dirk Hattingh (1945) van Stellenbosch, mev. Maimie Scholtz (1948) van Aberdeen, mev. Nicolene Roux (1948) van Grabouw, en mev. J. H. Beyleveld (1943) van Stellenbosch.



Links: Vyf Oud-Maties wat in die oorlogsjare op die Akker was. V.l.n.r. ds. Chris Burger (1944) van die Paarl, dr. J. N. F. O'Kennedy (1943) van Kleinmond, mnr. S. F. Lenhoff (1939) van Calvinia, mnr. Francois van der Merwe (1948) van Kaapstad en mnr. Hein Toerien (1943) van Johannesburg. Mnr. Toerien, 'n bekende radiopersoonlikheid, het op die noenmaal 'n treffende heildronk op sy Alma Mater ingestel.

DIT was vir hulle 'n nostalgiese terugrit na die goeie ou dae, die glorie van die jeug en 'n stukkie onoor-treflike lewe. Die deelnemers—sowat 150 Oud-Maties uit die jare 1941—'50 en die datum waarop hulle na hul geliefde Alma Mater teruggekeer het—30 November verlede jaar.

Hulle het van oor die hele land—selfs uit Rhodesië—na die Eikestad gereis. En wat 'n grootse reünie was dit nie. Reeds met die bymekaarkom die oggend in die Konservatorium was dit vir baie asof hulle 'n nuwe wêreld betree het. Vir sommige was dit die eerste besoek aan Stellenbosch sedert hulle studentedae.

Hulle is in die Konservatorium deur die vise-kanselier, dr. Kosie Gericke, en die Rektor, prof. Mike de Vries, verwelkom. Dr. Gericke en prof. De Vries het op omvat-tende wyse vertel van die Stellenbosch van vandag.

Na die verwelkoming is tee gedrink en daar het een van die Oud-Maties met trots in sy stem laat hoor: „Ek kan eerlik vanoggend sê dat dit vir my die grootste eer was om op Stellenbosch te kon studeer het. Met dié manne aan die stuur is my ou Alma Mater nog doodreg.”

Hierdie groep oud-studente het in moeilike tye op Stellenbosch gestudeer, en al die nuwe geriewe e.d.m. wat sedert hulle jare geskep is, het hul besonder geïnteresseer. Die reuse Langenhoven-studentesentrum en die nuwe geboue vir liggaamlike opvoedkunde en lettere het veral hulle aandag geniet.

Mnr. Andries Esterhuyse, organiseerder van die saam-trek en adjunk-direkteur van die Universiteit se Departement Ontwikkeling, het in 'n stadium opgemerk: „Ek kan hulle net nie wegkry van die geboue en dosente nie. Dis asof hulle hulself in die nuwe sale en laboratoria weer sien as studente!”

Benewens 'n kampusbesigtigingstoer, 'n deftige noen-maal in die Langenhoven-studentesentrum en die aanhoor van 'n voorlesing deur prof. Hans Jansen, hoogleraar in Afrika-studie, oor 'n aktuele onderwerp, het die groep Oud-Maties ook die aand die vergadering van die Konvokasie bygewoon waar daar sowat 400 mense teenwoordig was.

Die persoon wat terloops die verste moes reis om die saamtrek by te woon, was mev. J. B. Slabbert (1945 eerstejaar) uit Zimbabwe-Rhodesië



Wilgenhof se manne was ook daar. Hier is die Universiteit se vise-kanselier, dr. Kosie Gericke (tweede van regs)—hy was in 1931 in Wilgenhof—saam met v.l.n.r. prof. Koos du Toit (1943), van Stellenbosch, mnr. J. P. Theron (1944) van Stellenbosch, dr. J. N. F. (Kenny) O'Kennedy (1943) van Kleinmond, mnr. Willem Malherbe (1945) en dr. M. W. P. Nienaber (1942), albei van Stellenbosch.



Bo: Huis ten Bosch was goed verteenwoordig op die saamtrek van oud-studente uit die groep 1941-1950. En as mens dié groep so kyk dan besef jy wel deeglik waarom daar dekades lank al gepraat word van die mooi meisies van Matieland . . .

Nog Oud-Maties weer byeen

'n Eendaagse saamtrek vir Oud-Maties uit die jare 1951-1960 vind later vanjaar aan die U.S. plaas. Mnr. Andries Esterhuyse, adjunk-direkteur van die Departement Ontwikkeling en die man wat die reëlings tref, sê in dié stadium word die saamtrek beplan vir 29 November. Uitnodigings sal in September uitgestuur word aan die oud-studente oor wie se adresse hy beskik. Oud-Maties in dié groep wie se adresse mnr. Esterhuyse nie het nie en wat graag die saamtrek wil bywoon, kan aan hom per adres die Departement Ontwikkeling skryf. Sy telefoonnommer is Stellenbosch 70010 of 70062.

Onder: Hierdie ses dames was in die jare 1941-'50 in Huis de Villiers. Dis duidelik dat Vader Tyd ook teenoor hulle baie goedgesind was . . .





P.S.O.-studente uit die jare 1941-1950 wat op 30 November verlede jaar na die Akker teruggekeer het. In hul geleedere is o.m. ook die Universiteit se vise-rektor, prof. Roux de Villiers. Hy sit in die middel vierde van links.



Kyk net hoe vriendelik . . . die manne van Dagbreek uit die jare '41 tot '50 wat die saamtrek bygewoon het, verskyn hier saam met prof. H. B. Thom (hy sit in die middel voor), oud-Rektor van Stellenbosch en een van die bekendste oud-inwoners van die Huis van Roem en Faam. 'n Erepenning—die tweede in die geskiedenis—is tydens Dagbreek se feesvieringe in April verlede jaar aan hom oorhandig. (Dr. B. J. Vorster, huidige Kanselier van die U.S., was in 1977 die ontvanger van die eerste erepenning.)

U.S. ONDERSOEK

TOE die Spanjaarde die huidige Mexiko teen ongeveer 1 500 binnegeval het, het sommige van die Indiaanstamme wat hulle daar aangetref het 'n spel soos basketbal gespeel met 'n rubberbal wat hulle gemaak het uit guayule, 'n inheemse bossie van die woestynagtige dele van noordwes-Mexiko en die suide van Texas.

Navorsers van die Fakulteit Landbouwetenskappe en die Instituut vir Polimeerwetenskap aan die U.S. ondersoek nou die praktiese moontlikheid om dié plant as 'n landbougewas in Suid-Afrika te verbou. Hierdie navorsing word behartig vir die Departement van Landbou en die Koöperatiewe Wetenskaplike Programme van die W.N.N.R., in samewerking met die firma Karbochem, 'n filiaal van Sentrachem.

Natuurlike rubber is 'n onmisbare en strategies belangrike produk, waarvoor Suid-Afrika jaarliks sowat R30 miljoen aan buitelandse valuta moet opdok. Hoewel sintetiese rubber dikwels gebruik word, is die voortreflike eienskappe van natuurlike rubber onontbeerlik vir sleutelprodukte soos bande vir vliegtuie en swaar voertuie. Ongeveer 28% natuurlike rubber is ook nodig vir straallaagbande, wat kruislaagbande by die meeste voertuie vervang.

Uit nagenoeg 2 000 bekende plante wat rubber bevat, het net guayule (*Parthenium argentatum*) en die rubberboom (*Hevea brasiliensis*) genoeg daarvan vir kommersiële verwerking. Hulle rubber is chemies en fisies feitlik dieselfde, maar die een kom van 'n reusagtige boom wat net in ekwatoriale reënwoorde groei; die ander van 'n vaal bossie, ongeveer 20-50 cm. hoog, wat met min reën klaarkom.

Dit kan egter guayula se grootste bate vir Suid-Afrika wees, omdat dit moontlik hier in streke met 'n lae reënval verbou kan word.

Teen die begin van hierdie eeu is rubber op groot skaal geproduseer uit die guayule wat wild in Mexico gegroei het. In 1910 het dit gesorg vir die helfte van die V.S.A. se rubberbehoefte. Sonder behoorlike verbouing is die wilde plante egter grootliks uitgeroei en die bedryf het ineen gestort. Vanweë stygings in die wêreldprys van rubber is dit toe in die Amerikaanse state Arizona en Kalifornië verbou, maar die depressie van die jare dertig het die wêreldprys weer laat tuimel en dié produksie is heeltemal geknou.

Toe die Japanners Suidoos-Asië in 1941 binnegeval het, is 90% van Amerika se rubbertoevoer afgesny, en moes begin word met die grootskaalse verbouing van guayule in Kalifornië, Nieu-Mexiko, Arizona en Texas — tot ná die oorlog, toe die regering dié verbouing stopgesit het omdat boomrubber weer volop was en geglo is dat mensgemaakte rubber mettertyd die natuurlike produk sou vervang.

Nou begin die Amerikaners weer anders daarvoor dink: Die aanvraag na natuurlike rubber neem steeds toe, petroleum (waaruit sintetiese rubber vervaardig word) word skaarser en duurder, rubberbome kan alleenlik gekweek word in 'n klein, tropiese gebied en in lande wat deur politieke onstabieliteit bedreig word, én daar is wêreldwyd 'n groot behoefte aan die beter benutting van droër landstreke.

In 1975 is 'n Amerikaanse Senaatskomitee saamgestel

Van links na regs: drr. B. Easter, R. Sanderson, en prof. E. W. Laubscher by guayule-plante wat op die Universiteit se proefplaas gekweek is van saad wat prof. Laubscher verlede jaar uit Amerika saamgebring het.



RUBBERBOSSIE

om die verbouing van guayule weer te bekyk. Verlede jaar het 'n Johannesburgse sakeman, mnr. A. R. Jackson, die U.S. genader oor die moontlikheid om die verbouing daarvan in Suid-Afrika te ondersoek. Tydens 'n besoek aan Amerika in September verlede jaar het die hoof van die Departement Akkerbou en Weiding by die Universiteit, prof. E. W. Laubscher, toe die guayule-navorsingseenheid in Tucson, Arizona, besoek—en teruggekom met die saadjies van 15 soorte guayule. Prof.

Laubscher was een van die eerste buitelanders wat weer van dié saad bekom het nadat opnuut in Amerika met die navorsing begin is.

OP Welgevallen, een van die Universiteit se proefplase, is die saadjies in glashuise in potte geplant om meer saad te probeer kry. „Die uitdaging is om lewenskragtige saad vinnig te kweek vir moontlike kommersiële verbouing in Wes-Kaapland,” sê prof. Laubscher.

Die eerste saadjies wat op Stellenbosch geoes is, het onlangs begin ontkiem. Dit sal in plastiektonnels op Welgevallen uitgeplant word vir saadverkryging op groter skaal.

Daar word beoog om 20 000 plante per jaar te lewer aan die Departement Landbou, vir kwekerie aan die Weskus en op plekke soos Oudtshoorn en Worcester, sodat vasgestel kan word watter soorte die beste waar gaan aard.

Die Universiteit se Instituut vir Polimeerwetenskap het ook teen die einde van verlede jaar reeds begin met 'n omvattende navorsingsprojek oor guayule. Die W.N.N.R. se Koöperatiewe Wetenskaplike Programme borg dit en dit sal na verwagting sowat vyf jaar duur.

Hiermee word o.m. beoog om die landboukundige navorsing oor guayule met chemiese ontledingstoetse aan te vul. Om dit vir die plaaslike vervaardigingsbedryf aanvaarbaar te maak, sal die verskille in die rubber wat plaaslik geproduseer word, en deur verskillende tegnieke verwerk word, ook ondersoek word.

Die moontlike nywerheidsgebruik van die nuwe-produkte (soos was, wat 'n hoë smeltpunt het, terpeenbevattende hars en bagasse) sal ook ondersoek word.

Die leiers van dié navorsingsprojek is dr. R. D. Sander-son, direkteur van die Instituut vir Polimeerwetenskap, en prof. R. R. Arndt van die Departement Chemie aan die U.S. Die Universiteit het verlede jaar ook die W.N.N.R. se koördineerder van die projek, dr. C. J. Paterson-Jones gehuisves. Die navorsingsbeampte in beheer van die projek, dr. B. Easter van die Instituut vir Polimeerwetenskap, besoek Amerika binnekort om die derde wêreldkongres oor guayule in Pasadena, Kalifornië, by te woon.

Guayule ('n lid van die sonneblomfamilie, Compositae) is 'n meerjarige plant wat ouer as 30 jaar kan word. Die rubber is in mikroskopiese selle wat nie met mekaar verbind is nie, en die plant kan dus nie soos die rubberboom „getap” word nie. As die plante ongeveer vier jaar oud is, kan hulle met wortel en al uitgehaal word, of bokant die grond afgesny word sodat die plant weer vinnig kan uitgroeï. Tot 20% van die droë gewig kan uit rubber bestaan—twee-derdes daarvan in die stam en takke en 'n derde in die wortels. Die wasagtige blare bevat nie rubber nie.



(Elke tablet bevat Kaff. Sit 90 mg., Kaff. Alk. 90 mg)

'Lert maak jou wakker.



Lomrigheid op die verkeerde tyd kan verwoesting saai in jou lewe. Dit kan 'n ongeluk veroorsaak. Dit kan die verskil beteken tussen slaag of druip in 'n eksamen. Dit kan jou daardie belangrike wedstryd laat verloor. Van jou 'n nat lap maak op 'n partytjie. Neem liewers snelwerkende, doeltreffende 'Lert-tablette om jou daardie open-wakker, in volle-swang gevoel te gee. 'Lert tablette is sonder voorskrif by jou apteek beskikbaar. Moenie jou lewe omskep in 'n yslike groot gaap nie. Word wakker met 'Lert!



GREY ADVERTISING AND MARKETING 11/2/74

Regs: Dok Craven, wat die vergadering van die Konvokasie toespreek het, gesels hier op die geselligheid in die Langenhoven-studentesentrum met mnr. Rikie Schoonees (regs) van Stellenbosch, en mnr. Fana en mev. Truda Lenhoff van Calvinia.

BYKANS 400 mense het op 30 November verlede jaar die vergadering van die Konvokasie op Stellenbosch bygewoon.

Dit is gehou in die H. B. Thom-teater en die aanwesiges is toegesprek deur dr. Danie Craven, grootbaas van Suid-Afrikaanse rugby en direkteur van Sport aan die U.S. Dok Craven se onderwerp was Krisis in Sport. Hoewel hy bykans twee uur aan die woord was, was dit duidelik aan die applous dat die lede van die Konvokasie graag nog langer na hom sou wou geluister het.

In sy bedankingswoord het die president van die Konvokasie, prof. H. B. Thom, genoem van die lang pad wat Dok Craven moes loop om Suid-Afrikaanse sport, en nie net rugby nie, te bring na waar dit vandag is.

Na afloop van die verrigtinge in die H. B. Thom-teater het almal oorbeweeg na die Langenhoven-studentesentrum waar aangename eetgoedjies en verkwikkende voggies gewag het.

Konvokasie '79 was ongetwyfeld 'n geleentheid wat nog lank onthou sal word.

Regs: Dié groepie was besig om heerlijk te gesels en te smul toe ons fotograaf hulle genader het. V.l.n.r. Elda Nolte van Stellenbosch, mev. Lizzie en mnr. Gawie Louw van Franschhoek, mev. Sara Botha en haar man, Paul, ook van Franschhoek, en mej. Miriam Terblanche van Stellenbosch.



KONVOKASIE '79



Oud-Matie dr. Johan Kock en sy vrou, Anita, het ook die geselligheid in die Langenhoven-studentesentrum na afloop van Dok se toespraak bygewoon. Hy is geneesheer by die Tygerberg-Hospitaal.



Talle lede van die jonger garde Oud-Maties het verlede jaar se Konvokasie bygewoon. Hier is v.l.n.r. mnr. Vossie Böhmer en sy vrou Edna van Somerset-Wes, mej. Alida Potgieter van Kaapstad, en mnr. Corné de Leeuw, ook van die Moederstad.

DIE Universiteit het op 21 November verlede jaar op 'n geselligheid in die Langenhoven-studentesentrum afskeid geneem van nege bekende hoogleraars wat op 31 Desember 1979 die tuig neergelê het. Hulle is proff. A.B. van der Merwe, G.L.F. Hartwig, J.F.A. Swartz, D.J. Opperman, P.A. Verhoef, C.J.B. Muller, O. Wipplinger, D. Page en G.Z. van der Spuy.

Benewens die hoogleraars het die U.S. ook van dr. Tromp Botha, hoof van die Departement Engels in die Fakulteit Opvoedkunde, prof. kapt. Hennie Nel, dekaan van die Fakulteit Krygskunde, mnr. Johann Sippel (hy was 33 jaar dosent aan die Fakulteit Ingenieurswese), en 'n groot aantal dosente wat afgetree of uitgetree het, afskeid geneem.

Bykans 400 gaste het die geselligheid bygewoon en die Rektor, prof. Mike de Vries, het 'n kort woord oor elk van die professore gespreek, waarop hulle afsonderlik geantwoord het.

Prof. Van der Merwe is in 1938 as tydelike dosent in sielkunde aan die U.S. aangestel. In 1945 word hy senior dosent, en in 1948 hoogleraar in abnormale en kliniese sielkunde. Hy was onder meer voorsitter van die S.A. Sielkundige Vereniging, en het in talle komitees van die Universiteit gedien.

Altesame 30 van sy oud-studente het later hoogleraars geword.

Prof. Hartwig het in 1950 hoogleraar in houttegnologie aan die U.S. geword. Hy het vanjaar, asook in tien ander termyne, as dekaan van die Fakulteit Bosbou opgetree. Hy is 'n toegewyde navorser en het hom veral op houtdroging en die identifikasie van houtsoorte toegespits.

Hy het 'n aktiewe rol in gemeenskapsake gespeel, en was onder meer nege jaar voorsitter van die distriksraad van die Nasionale Party. Sy vrou, mev. Marcha Hartwig, was vroeër vroueredaktrise van Die Burger.

Prof. Swartz was van 1954 tot 1974 hoogleraar in didaktiek, en van 1975 voltijdse dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde. Prof. Swartz was as hoogleraar op talle terreine aktief betrokke.

Hy het 'n aktiewe rol in onderwysake, in kerverband, op musiek- en kultuurvlak en in studentesake gespeel. Dr. P.S. Meyer, direkteur van Onderwys, is een van sy oud-studente.

Prof. Opperman, bekende Afrikaans digter, is sedert 1960 hoogleraar in Afrikaanse en Nederlandse letterkunde. Benewens 'n doktorsgraad wat hy aan die Universiteit van Kaapstad behaal het, het drie ander universiteite eredoktorsgrade aan hom toegeken.

Hy het onder meer drie keer die gesogte Hertzogprys verower.

Prof. Verhoef is in 1950 as hoogleraar in Ou Testament aan die Kweekskool aangestel. Hy het sedertdien verskeie kere die amp van dekaan beklee en was van 1976 elke jaar dekaan.

Hy het in sy studentedae die grade M.A., M.Th en D.Th almal cum laude behaal. Prof. Verhoef sal nog as lid van die Vertalingskommissie en as deelydse dosent dienste aan die Universiteit lewer.

Prof. Muller was onder meer van 1956 tot 1965 hoof-radioloog van die Karl Bremer-Hospitaal, en sedertdien hoogleraar in radiologie aan die U.S. Hy het die Departemente van Diagnostiese Radiologie en Radioterapie aan die nuwe Fakulteit van Geneeskunde van die U.S. tot stand laat kom.


Die eregraad F.C.C.P. is in 1951 aan hom toegeken. Prof. Muller het 'n groot deel van sy werksaamhede aan die stryd teen kanker gewy.

Prof. Wipplinger was jare lank in die staatsdiens nadat hy in 1938 sy doktorsgraad in die ingenieurswese verwerf het. Hy was van 1967 hoof van die Departement Siviele Ingenieurswese aan die U.S.

Hy geniet hoë aansien vir sy navorsing oor waterwese, en word beskou as die vader van watervooravorsing aan die U.S.

Prof. Page is sedert 1967 hoogleraar in stads- en streeksbeplanning nadat hy vroeër senior dosent aan die Universiteit van Pretoria was. Prof. Page het in die buiteland talle toekennings vir sy navorsing ontvang.

BEKENDES



Dr. Tromp Botha, hoof van die Departement Engels in die Fakulteit Opvoedkunde, kon nie die afskeidsgeselligheid bywoon nie. Hy was 13 jaar aan die U.S. verbonde.

Sy navorsing het hoofsaaklik gelei tot die beplanning van die Sentraal-Weskustreek, die Benede-Bergrivier-ontwikkelingstreek en die nasionale planne vir die Ciskei, Owambo- en die Kavangostreek.

Prof. Van der Spuy, bekende sangdosent, was die eerste mens wat die grade B. Mus. en M. Mus. aan die Universiteit van Stellenbosch behaal het. Hy is sedert 1945 dosent aan die U.S., en was nege jaar hoof van die departement van musiek en direkteur van die Konseratorium.

Onder sy talle oud-studente is prof. Chris Swanepoel, hoof van musiek van die S.A.U.K.

Prof. Nel—hy is kaptein in die Vloot—het in 1960 lektor in krygsgeskiedenis aan die Militêre Akademie geword. Tien jaar later word hy hoogleraar en in 1974 word hy dekaan van die Fakulteit Krygskunde aan die Akademie.

Prof. Nel, wat na V.H.K. in Pretoria oorgeplaas is, het reeds heelwat gepubliseer oor militêre geskiedenis en is etlike jaar reeds besig met navorsing oor die Suidwes-Afrika-veldtog van 1914/15.

Dr. Tromp Botha, hoof van die Departement Engels in die Fakulteit Opvoedkunde, was 13 jaar aan die U.S. verbonde. Hy het vroeër ook op Stellenbosch gestudeer waar

hy die graad M.A. verwerf het. Sy doktorsgraad het hy aan die U.K. behaal.

Dr. Botha is benewens albei landstale ook Xhosa magtig. Hy is lid van die beheerkomitee van die Universiteit se Instituut vir Taalonderrig.

Mnr. Johann Sippel, wat afgetree het as senior lektor in ingenieurswese, was 33 jaar aan die Universiteit se doserende personeel verbonde. Hy is in 1944 as eerste bykomende dosent aangestel om saam met prof. Harry Reitz die fondament van die Departement Siviele Ingenieurswese te lê. Hy het veral 'n groot bydrae gelewer tot die terminologie van die hedendaagse Afrikaanstalige ingenieur.

Agt van die nege professore van wie daar op 21 November verlede jaar amptelik afskeid geneem is, verskyn hier saam met hulle eggenotes en die vise-kanselier, die Rektor, die vise-rektor en ander hooggeplaaste gaste wat die funksie in die Langenhoven-studentesentrum bygewoon het. Prof. G.Z. van der Spuy was nie teenwoordig toe dié foto geneem is nie. In die voorste ry sit v.l.n.r. prof. G.L.F. Hartwig, dekaan van die Fakulteit Bosbou en hoogleraar in houttegnologie, prof. D. Page, hoogleraar in stads- en streekbeplanning, prof. P.A. Verhoef, dekaan van die Fakulteit Teologie en hoogleraar in Ou Testament, prof. H.B. Thom, oud-Rektor van Stellenbosch en tans voorsitter van die Adviserende Raad op Universiteite, dr. Kosie Gericke, vise-kanselier van die U.S., prof. Mike de Vries, Rektor, prof. A.B. van der Merwe, hoogleraar in sielkunde, prof. J.F.A. (Blackie) Swartz, dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde en hoogleraar in didaktiek, prof. Dirk Opperman, gevierde Afrikaanse digter en hoogleraar in Afrikaanse en Nederlandse letterkunde en prof. C.J.B. Muller, hoogleraar in radiologie. Prof. Roux de Villiers, vise-rektor, prof. Otto Wipplinger, hoogleraar in siviele ingenieurswese, en mnr. Johann Sippel, wat 33 jaar dosent in die Fakulteit Ingenieurswese was, staan in die gewone volgorde in die agterste ry. Die foto is kort na afloop van die afskeids-geselligheid geneem.

TREE AF





Prof. Odendaal



Prof. Swanevelder

Aanstellings en bevorderings

DIE Raad van die Universiteit het die aanstelling van vyf nuwe hoogleraars en vier medeprofessore goedgekeur. Twee senior aanstellings aan die Nagraadse Bestuurskool is ook goedgekeur.

Die nuwe hoogleraars is proff. D. H. Odendaal (Ou Testament), A. T. Möller (sielkunde), F. R. Erasmus (anesthesiologie), J. A. Beyers (radiologie) en C. J. Swanevelder (geografie). Die medeprofessore is proff. E. M. Nel (sielkunde), W. J. Naudé (fisika), M. A. du Toit (bedryfseksonomie) en J. A. G. Malherbe (elektriese en elektroniese ingenierswese).

Prof. Odendaal, 51, het op Stellenbosch in die teologie gestudeer. Hy het sy doktorsgraad aan die Westminster Theological Seminary in die V.S.A. met die hoogste lof verwerf. Hy is sedert 1972 senior lektor in Ou Testament aan die Kweekskool op Stellenbosch.

Prof. Odendaal het wye ondervinding van die sending en was o.m. professor aan die Teologiese Skool Decoligny. Hy dien ook in verskeie kommissies van die N.G. Kerk in Afrika. Tientalle publikasies, sommige spesifiek op sy vakgebied gerig en ander meer algemeenteologies van aard, het reeds uit prof. Odendaal se pen verskyn.

In 1968/69 was prof. Odendaal besoekende professor aan die Princeton Theological Seminary in Amerika.

Prof. Beyers, 58, het hom aan die Universiteit van Kaapstad as geneesheer bekwaam. In 1949 behaal hy 'n magistergraad in geneeskunde

(radiologie) aan die U.P. en agt jaar later 'n doktorsgraad in kliniese geneeskunde.

Prof. Beyers het reeds tien publikasies agter sy naam. Hy het sedert 1959 'n privaat radiologiese praktyk in Kaapstad en Bellville besit.

Hy is lid van talle vakverenigings en het reeds verskeie kongresse en kursusse op plaaslike sowel as internasionale vlak bygewoon.

Prof. Swanevelder, 51, het al sy kwalifikasies aan die U.S. verwerf insluitende 'n doktorsgraad wat in 1965 aan hom verleen is. Hy was sedert Januarie 1976 medeprofessor in die Departement Geografie.

Prof. Swanevelder het reeds heelwat navorsing gedoen en 20 publikasies het uit sy pen verskyn. Hy is ook die skrywer van verskeie skoolhandboeke (vir senior leerlinge) oor aardrykskunde. In 1970 was hy besoekende medeprofessor aan die Central Washington State College in Ellensburg in die V.S.A. Hy het ook reeds studiereise deur Suid-Amerika en Europa onderneem.

Prof. Erasmus, 41, het in 1961 as geneesheer aan die U.P. afgestudeer. Enkele jare later behaal hy die graad M.Med. in anesthesiologie aan dieselfde universiteit. Hy is in 1972 as spesialis narkotiseur geregistreer.

Prof. Erasmus het wye ervaring opgedoen voordat hy in 1972 as eerste spesialis/senior lektor in anesthesiologie aan die U.O.V.S. aangestel is. Hy het sedert 1977 die pos van spesialis anesthesioloog aan die Militêre Hospitaal in Wynberg, Kaapstad, beklee.

Agt publikasies uit sy pen het reeds verskyn.

Prof. Möller, 35, het die grade B.A., Hons.-B.A., M.A. (laasvermelde twee cum laude) en D.Phil. aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Met behulp van 'n stipendium van die Nederlandse regering is hy ook na Nederland waar hy opleiding in kliniese sielkunde aan die Valerius-kliniek van die Vrije Universiteit in Amsterdam onder leiding van prof. H. R. Wijngaarden geniet het.


Prof. Möller, 'n geregistreerde kliniese sielkundige, het in 1967 deelydse dosent op Stellenbosch geword. Hy het in April 1974 senior lektor geword.

Prof. Möller het reeds wyd gepubliseer in wetenskaplike tydskrifte en 'n handboek wat hy oor persoonlikheidsielkunde geskryf het, word op die oomblik gedruk. Vyf referate uit sy pen, is ook gepubliseer.

Prof. Elizabeth Nel, 40, het die grade B.A., Hons.-B.A.. (cum laude), M.A. en D.Phil. op Stellenbosch verwerf. Sy het ook in 1968 'n nadoktorale sertifikaat in sosiale sielkunde aan die Universiteit van Kalifornië verwerf. Daarbenewens




Prof. Nel



Prof. Beyers



Prof. Erasmus



Prof. Möller



Prof. Du Toit

het sy ook navorsingstudie aan die Universiteit van Texas in die V.S.A. en aan die Hebreeuse Universiteit in Jerusalem gedoen.

Prof. Nel is 'n geregistreerde voorligtingsielkundige by die Beroepsraad vir Sielkunde, en assessorlid van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns. Sy het ook reeds wyd gepubliseer, o.m. 17 artikels, 'n boek (waarvan sy mede-outeur was) en drie van haar publikasies word tans gedruk.

Prof. Naudé, 40, het die grade B.Sc., M.Sc. (cum laude) en D.Sc. aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf.

In 1963 word hy lektor aan die U.S. en sedert Januarie 1969 is hy senior lektor in fisika.

Prof. Naudé is die medeskrywer van 15 artikels in vaktydskrifte en 18 navorsingsverslae. Hy het in 1967 en 1973 aan internasionale konferensies deelgeneem en in die tydperk 1962-1975 het hy 29 voordragte voor kongresse van die S.A. Instituut vir Fisika, waarvan hy ook 'n lid is, gelewer.

Prof. Naudé is o.m. assessorlid van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns en lewenslange lid van die F.A.K.

Prof. M. A. (André) du Toit, 39, het die grade B.Comm., Hons.-B.Comm., M.Comm. en D. Comm. aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Hy was eers lektor in bedryfsekonomie aan die Universiteit van Wes-Kaapland voordat hy in 1968 deeltydse dosent op Stellenbosch geword het. Hy was sedert Januarie 1969 senior lektor aan die U.S.

Prof. Du Toit het reeds 'n boek en 'n verskeidenheid artikels gepubliseer. Hy was ook medeskrywer van 'n boek en ses vakkundige artikels. Vir sy boek, getiteld South African Trade Unions; History Legislation and Policy het hy internasionale erkenning ontvang.

Prof. Du Toit, wat voorsitter is van die Stellenbosch Atletiekklub, was op sy dag 'n kranige atleet.

Prof. J. A. G. Malherbe, 39, het die grade B.Sc., B.Ing. en Ph.D.Ing. op Stellenbosch verwerf. Hy is sedert 1 Januarie 1970 senior lektor in die

departement elektriese en elektroniese ingenieurswese.

Prof. Malherbe is die skrywer van 'n boek en sewe artikels. Hy is onder meer lid van die S.A. Instituut vir Elektriese Ineniens en senior lid van die American Institute of Electrical and Electronics Engineers.

Prof. Malherbe is 'n geregistreerde professionele ingenieur.

Mnr. H. J. Smal is aangestel as senior navorsingsbeampte aan die Nagraadse Bestuurskool se Instituut vir Entrepreneurskap en Bestuurswese. Hy het hom in 1955 as landmeter aan die Universiteit van Kaapstad bekwaam en dié beroep 17 jaar beoefen. Verlede jaar het hy die graad H.B.A. cum laude aan die U.S. geslaag.


Mej. Willemien van Schalkwyk is aangestel as skakelbestuurder aan die Nagraadse Bestuurskool. Sy het die graad B.Econ. en die S.O.D. aan die U.S. behaal en in 1975 het sy as skakelbeampte by die K.W.V. in die Paarl in diens getree. Sy het ook 'n rukklank vir die K.W.V. in Londen gewerk.



Prof. Naudé



Prof. Malherbe



Mej. Van Schalkwyk



Mnr. Smal

In Memoriam

Oom Pietie le Roux, een van die Universiteit se groot wel-doeners en 'n man wat gereken word onder die belang-rikste kulturele baanbrekers van die Afrikaner, is op 29 Januarie vanjaar oorlede. Hy was 97.

Oom Pietie sal onthou word as die stigter en leier van die bekende Stellenbosch-Boerorkes wat in 1933 tot stand gekom het. Met dié orkes wat aan die F.A.K. geaffilieer was en onder beskerming van die U.S. gestaan het, het oom Pietie deur middel van landwyse toere die beeld van die Universiteit op ongeëwenaarde wyse uitgedra. En baie van die geld wat ingesamel is, het na die Universiteit van Stellenbosch gekom.

Petrus Jacobus le Roux is op 17 Oktober 1882 op Moorreesburg gebore. In 1913 is hy met mej. Hester Helena Burger getroud, en uit dié huwelik is twee kinders gebore, Willem en Martha. Mev. Le Roux — almal het haar as tant Hester geken — is in 1957 oorlede.

Die Stellenbosch-Boerorkes het in 1957 na 'n bestaan van 25 jaar ontbind. Met die meer as R100 000 wat ingesamel is, is 'n ruim bydrae tot die oprigting van die Langenhoven-studentesentrum gemaak, 'n beurs vir musikstudente is aan die Konservatorium ingestel en tot die fonds ten bate van die stigting van die Fakulteit van Geneeskunde is ook ruim bygedra.

Hy word oorleef deur sy seun en dogter, vyf klein-kinders en vier agterkleinkinders.

Prof. J. J. Oberholster, direkteur van die Nasionale Raad vir Gedenkwaardighede (N.R.G.), en 'n man wat aller-weë beskou is as een van ons land se grootste historici, is in Februarie onverwags aan huis op Stellenbosch oorlede. Hy was 68.

Prof. Oberholster, wat etlike jaar aan die U.S. gestudeer het, het hom sy lewe lank vir die bewaring van historiese gedenkwaardighede beywer. Hy was 29 jaar lid van die N.R.G. — die langste nog wat iemand lid van dié Raad was.

In sy studentejare het hy uitgeblink in sport. Hy het gereeld vir die Maties se eerstespan rugby gespeel en ook vir die W.P. Verlede jaar het die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n erepenning aan hom toegeken vir buitengewone diens in die bevordering van geskiedenis.

Hy word oorleef deur sy vrou, twee dogters en vier kleinkinders.

Oud-appèlregter C. G. Hall, wat sy doktorsgraad aan die U.S. verwerf en o.m. 'n tyd regter-president in Suidwes-Afrika was, is vroeër vanjaar op Robertson oorlede. Hy was 93.

Regter Hall, wat dwarsdeur sy lewe 'n baie lojale oud-student was, is in 1923 tot die Kaapse Balie toegelaat. Hy was die eerste regsgeleerde wat op Stellenbosch sy opleiding ontvang het wat as advokaat toegelaat is en was 15 jaar deeltydse lektor aan die U.S. Hy is in 1949 aangestel as regter. Regter Hall laat twee dogters en 'n seun agter.

Prof. Hanno O. Reuter, hoogleraar in elektriese en elektroniese ingenieurswese aan die U.S., is op 5 Februarie vanjaar onverwags op Stellenbosch oorlede. Hy was 51.

Prof. Reuter het op 1 April 1958 senior lektor in die Fakulteit Ingenieurswese geword. In Januarie 1971 het hy hoogleraar geword, en ten tyde van sy afsterwe was hy hoof van die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese.

Prof. Reuter was baie gewild onder die personeel van die Universiteit. Hy was bekend vir sy bedagsaamheid en vriendelikheid en ook vir sy verstommende werkvermoë. Hy laat sy vrou, twee dogters en twee seuns agter.

'n Oud-Matie wat deur die jare op onbaatsugtige wyse 'n groot bydrae tot die vooruitgang van sy Alma Mater gelewer het, is in November verlede jaar oorlede. Hy was mnr. Hans Krüger, gewese hoofbestuurder van die Spoorweë.

Mnr. Krüger het die graad B.Comm. in 1929 op Stellenbosch verwerf. Hy was 'n inwoner van Dagbreek. Ná 'n jaar in die onderwys het hy in diens van die Spoorweë getree waar hy tot die hoogste sport gevorder het. Hy het in 1971 afgetree as hoofbestuurder.

Mnr. Krüger was altyd bereid om vir sy Alma Mater hand by te sit, en het veral in die jare sestig 'n groot aandeel gehad aan die suksesvolle fondsinsamelingsveldtogte wat deur die Departement Ontwikkeling aan die Rand van stapel laat loop is. Hy het hom deur die jare ook sterk beywer vir die indiensneming van gegradueerdes in die S.A.S.

Mnr. Krüger word oorleef deur sy vrou, 'n dogter en twee seuns.

'n Bekende inwoner van George en inspekteur van skole in dié geweste, mnr. Matthys Hauptfleisch, is onlangs in die ouderdom van 59 oorlede. Hy sou in Junie aanstaande jaar met pensioen afgetree het.

Mnr. Hauptfleisch, 'n Oud-Matie, het in 1964 inspekteur van skole in Suid-Kaapland geword. Hy was lid van die Oud-Matieskakelkomitee op George en was altyd bereid om sy Alma Mater te help. Hy het die grade B.Sc., B.Ed. en M.Ed., asook die S.O.D., op Maties behaal.

Hy word oorleef deur sy vrou, 'n seun en twee dogters.

Dr. B. V. D. (Burry) de Jager, 'n Oud-Matie wat tot direkteur van Seevisserij gevorder het, is onlangs onverwags in Kaapstad oorlede. Hy het in 1948 by die Afdeling Seevisserij in diens getree en in 1963 direkteur geword. Ten tyde van sy afsterwe was hy vissery-adviseur. Dr. De Jager was 'n oud-student van wyle dr. Con de Villiers. Hy was ongetroud.

Ds. Isak J. Viljoen, emeritus-leraar van die Strand, is in Januarie vanjaar in die Tygerberg-Hospitaal oorlede. Hy was 83. Ds. Viljoen het op Stellenbosch in die teologie gestudeer. Hy laat sy vrou wat 79 jaar oud is, vier kinders en kleinkinders agter.

Mej. M. I. A. Münchmeyer, bekende oud-onderwyseres van die Hoër Meisieskool La Rochelle in die Paarl, is verlede jaar oorlede. Sy was 74. Mej. Münchmeyer het die graad M.A. op Stellenbosch verwerf, en was ook lid van die Studenteraad.

Mnr. Karel Groenewald, wat vroeër aan die U.S. verbonde was, is in Februarie naby Ceres noodlottig beseer in 'n motorongeluk. Hy was 33. Mnr. Groenewald, wat sy vrou en drie kinders agter laat, het as boekhouer op Middelpoos gewerk.

'n Student aan die U.S., die 24-jarige mev. M. Moll, is in Februarie naby Nelspoort in 'n motorongeluk dood. Sy en haar man, mnr. A. J. Moll, ook 'n student op Stellenbosch, was sowat 'n maand getroud.

VAN ONS DONATEURS



Links: Barclays Bank het vanjaar sy skenking aan die Universiteit met 'n duisend rand verhoog. Barclays se Stellenbosse bestuurder, mnr. Willie van Wyk (tweede van links), oorhandig 'n tjek van R5 000 aan die Rektor, prof. Mike de Vries. Mnr. Jannie Claassen, studentesakebestuurder van dié bank op Stellenbosch, is links op die foto. Barclays Bank het verlede jaar R4 000 geskenk.



Bo: Priceforbes Federale Volkskas (Wes-Kaap) Bpk. het onlangs R2 000 aan die Universiteit geskenk. Hier oorhandig mnr. G. G. H. Todd (regs), uitvoerende direkteur van dié onderneming, die tjek aan die U.S. se direkteur van Ontwikkeling, mnr. P. J. Lombard.

Regs: 'n Dankbare direkteur van Ontwikkeling, mnr. Piet Lombard (links), neem 'n tjek van R1 000 in ontvangs van mnr. André de Beer, bestuurder van die Stellenbosse tak van Woolworths. Dit is die vierde paaiemment van 'n skenking van R5 000 wat Woolworths aan die U.S. doen.



Bo: Die Ou Mutual het onlangs weer sy deelgenootskap met die Eenheid vir Toekomstnavorsing (E.T.N.) hernu en ook 'n skenking ge doen aan die Universiteit se Buro vir Ekonomiese Onderzoek (B.E.O.). Hier verskyn v.l.n.r. prof. Jan Sadie (direkteur van die B.E.O.), mnr. B. Cullen (bestuurder: openbare skakeldienste van Ou Mutual), prof. R. J. van Wyk (van die Departement Bedryfsekonomie) en mnr. J. Moolman (distriksbestuurder van Ou Mutual in die Eikestad).



HERFSSKOOL OPHANDE

Die Universiteit se jaarlikse Herfsskool word van Maandag 31 Maart tot Woensdag 2 April in die gebouekompleks van die Fakulteit van Geneeskunde by die Tygerberg-Hospitaal op Parowvallei gehou.

Sowat 30 kenners sal referate voordra oor 'n verskeidenheid interessante en aktuele onderwerpe. Groepbesprekings vind ook plaas.

Onder die kenners wat sal optree, is o.m. prof. Ben Vosloo, hoogleraar in staatsleer en publieke administrasie aan die U.S., wat onlangs in die nuus was met die getuienis wat hy voor die Schibusch-kommissie van ondersoek na 'n nuwe grondwetlike bestel in S.A. gelewer het, prof. Piet Cillié, hoogleraar in joernalistiek aan die U.S. en oud-redakteur van Die Burger, en prof. Andries Brink, dekaan van die Fakulteit van Geneeskunde en voorsitter van die Mediese Navorsingsraad.

Die hoofspreekster is mnr. Fanie Botha, minister van Mannekragbenutting, wat Woensdagaand 2 April die afsluiting waarneem. By dié geleentheid sal hy na wat verneem word, 'n belangwekkende referaat oor arbeidsverhoudinge voordra.

Kanoklub-reünie

Die Stellenbosch Kanoklub, wat reeds tien Springbokke opgelewer het, vier vanjaar sy tiende bestaansjaar met 'n saamtrek van Oud-Matie-roeiërs en bestaande lede. Dit vind plaas op Saterdag 3 Mei en bestaan o.m. uit 'n simposium oor oefenmetodes, 'n smullekker middagete, 'n snelroeiërgatta in die middag en 'n gesellige vleisbraai die aand.

Rolprente word ook vertoon om herinneringe terug te roep en die spreker is prof. Frikkie Thiart, hoof van die Departement L.O. en wêreldbekende op die gebied van sportfisiologie.

Alle Oud-Matiekanomanne wat die saamtrek wil bywoon, moet vóór einde Maart met Sunley Uys op Stellenbosch in verbinding tree. Sy telefoonnommer is 71324 by die werk en 70862 tuis. Sy adres is: Waterweg 7, Rozen-dal, Stellenbosch 7600.



Op die foto is mnr. Andries Esterhuysen, adjunk-direkteur van Ontwikkeling, wat belas is met testamentêre bemaakings, saam met v.l.n.r. mej. Adri Steyn (primaria), mej. Riëtte Ehlers (huiskomlid) en mev. Stephanie Muller (prinsipale) en mej. Willene van der Merwe (voor) by die klavier pas nadat dit by Harmonie afgelewer is.

Harmonie, L.O. se feeste

Die vreugdevure by Harmonie en die Departement Liggaamlike Opvoedkunde gaan einde Maart hoog vlam.

Harmonie—die U.S. se oudste dameskoshuis—is vanjaar 75 jaar oud en 'n groot reünie is vir die naweek van 28-30 Maart gereël. 'n Hartlike uitnodiging word aan alle oud-Harmoniete gerig om dié feestelikeheid by te woon. Mej. Adri Steyn is voorsitter van die feesreëlingskomitee, bekend as Harmonie 75-Reünie, en kan om nadere besonderhede geskakel word by Stellenbosch 2119.

Die Departement L.O. se nuwe spoggebou is pas betrek. (Dit is werklik 'n sieraad op die Matiekampus.) Om dié heuglike gebeurtenis te gedenk, word 'n opedag en 'n reünie op 27 en 28 Maart gehou.

